IN DIE HOOGGE...

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.6 VOL.41 PG.1917-1980.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-03-06

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACO

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKO

41

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 41

(Bladsye 1917 - 1980)

HOF HERVAT OP 6 MAART 1986.

MNR. JACOBS : U Edele, net voor die getuie ingaan, mnr. Tip het iets wat hy aan die Hof wil rapporteer.

MR TIP : The first document setting out admissions, has been viewed by the State. They have no difficulties at all with the formulation of the admissions and with the Court's leave I beg leave to hand up the first of these documents to the Court. This will be EXHIBIT AAS(1). The original has now also been signed by accused no. 17. I place on record that he is again in court.

COURT : Are all accused in court today?

MR TIP : All the accused are in court today. These admissions have been discussed with him also. I should mention also that the post-mortem reports, if I could just indicate briefly, I do not know if Your Lordship requires this to be read onto record at this stage, but perhaps I could indicate what is covered in the admissions.

COURT : I would be glad if you could.

MR TIP READS OUT ADMISSIONS CONTAINED IN EXHIBIT AAS(1).

MR TIP : I should perhaps just make mention also with the Court's leave, in respect of ANNEXURE F which is the last six pages of this document, it sets out a series of 230 different buildings with different amounts of damage. The intention really, this I have discussed with the Learned Friends of the State, is to give an indication of the scale of damage during this period. Clearly, we have not verified each and every single building and the damage to it. If I might advert briefly to t he question of the following admissions to be made. We have number of different areas as in this document which we would like to compile into one document. In each of those there are one or two details that still require

/ finalisation

finalisation and I wonder if Your LOrdship might indulge me to the extent that a further document, a composite document be submitted on Monday morning.

MNR. JACOBS : Dan is daar nog 'n aspek wat ek net onder die Hof se aandag wil bring. Die prokureur van beskuldigde nr. 4, mnr. More, het my meegedeel dat hy weer 'n dokter moet sien, dat hy blykbaar in pyn verkeer. Ek het gereël dat mnr. Fick in die tussentyd - sy het my nou-nou net kom sê - bel om te hoor wanneer die dokter hom kan sien. So, dit mag wees dat hy dan op 'n stadium weer die verrigtinge sal moet verlaat.

HOF : Wanneer hy die verrigtinge moet verlaat, sal u my net in kennis stel, sodat ek dit kan notuleer.

MNR. JACOBS : Ek sal dit behoorlik doen. Ek wil die Hof net op hierdie stadium in kennis stel dat hy verkeer in pyn. Blykbaar het hy vir twee dae nou al baie pyn.

MR BIZOS : My Lord, may I just add, that he finds it difficult to get up quickly and I would appeal to Your Lordship not to consider it disrespectable if he does not stand up. His leg is really giving him much trouble.

COURT : Yes, certainly, Mr Bizos.

PETER MAHLATSI, nog onder eed (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr Mahlatsi, ons het gister gekom in jou getuienis waar jy vir die Hof vertel het dat op daardie vergadering, hierdie twee vergadering wat 'n gesamentlike vergadering was met gebied 7, dat daar 'n rapport gemaak was aan die vergadering omtrent die raadslede se houding omtrent 'n petisie. -- Ja, dit is so.

Wie is die persoon wat verslag gedoen het daar? Weet jy? Ken jy hom? -- Ek ken die persoon van sien. Ek weet nie wat sy van is nie.

Het die persoon enigsins uitgebrei, wat is die doel wat

... / bereik

wat bereik moet word met so 'n petisie? — Hy het gesê dat na ons geteken het, dit wil sê die petisie geteken het, dan sal hy dit vat na Matjila toe, wie dit dan sal voorlê aan die ander raadslede, met die gevolg daar sal geen verhoging wees van huurgelde nie.

Hoekom sal daar nie wees nie? Is dit nie reeds aangekondig nie? — Die rede daarvoor wat hy verskaf het was dat omdat daar geen ooreenkoms was tussen hulle twee, dit wil sê tussen Mahlatsi en Matjila oor die verhoging van huurgelde nie.

Wat was die reaksie van die vergadering daartoe, dat daar 'n petisie voorgelê moet word aan die raadslede? — Ons het dit almal so aanvaar. Ons het almal geteken op die petisie-vorm.

Was daar 'n petisievorm opgetrek of was hy verskaf? — Dit was opgetrek in die vergadering wat ons met Vilakazi-hulle gehad het.

Wie het dit opgetrek? — Die vereiste net daar was dat 'n persoon moet teken, sy naam en sy van.

HOF : Was daar net 'n blanko papier voorgelê waarop name en vanne geteken is of was daar 'n opskrif opgeskryf voor dit? — Nee, daar was nie geskryf gewees nie.

MNR. JACOBS : En wat het met die lys van handtekeninge en name en adresse gebeur? — As ek reg onthou, was die vorm of die papier oorhandig aan die persoon wat hierdie bespreking daar voorgestel het.

Is die vergadering toe daarna uiteen? — Nie onmiddellik nie, want 'n vroumens het ook daar opgestaan, bekend as Edith. Die persoon het opgestaan en die volgende gesê. Ons behoort bymekaar te kom en te bid met die oog om hierdie kwessie van die huurgeld uit die weg te kry. Daarna het sy gesê dat sy ons almal versoek dat ons op die 26ste almal saam met ons

... / vrouens

vrouens moet kom.

Hoekom? -- Die rede was omdat daar daardie dag 'n verkiesing gehou gaan word van 'n komitee van vrouens.

Wat se komitee? Het sy gesê of die naam van die komitee genoem? -- As ek dit nog reg onthou, het sy gesê dit is vir die "women organisers".

Van watter plek? -- Sy het nie gesê vir watter plek nie, maar ek het aanvaar omdat sy gepraat het van Zone 7, dat dit van Zone 7 kan wees.

En toe? -- Daarna het sy gaan sit. Voordat sy gaan sit het, het ons almal ooreengekom en gestem saam met haar dat ons dit wel so gaan doen en ons vrouens gaan saambring.

En toe? -- Daarna was dit die einde van die vergadering. Op hierdie stadium het Vilakazi pamflette te voorskyn gebring.

Beskuldigde nr. 10? -- Die pamflette was niks op geskryf nie.

Ekskuus tog net, Vilakazi, is dit beskuldigde nr. 10? -- Ja, dit is reg.

U sê hy het pamflette te voorskyn gebring. Wat se pamflette? -- Ja, 'n bondel.

HOF : Maar u sê daar was niks op geskryf nie? -- Nee, daar was niks op geskryf nie.

Was dit 'n blanko stuk papier? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : Wat het hy daarmee gemaak? -- Dit het hy aan Esau Raditsela oorhandig.

Vir watter doel? -- Met die oog daarop dat dit gedruk sal word as pamflette wat dan gebruik sal word om mense in kennis te stel deur die gebruik daarvan van die vergadering van die 26ste.

Daarna, na hierdie dag, het u beskuldigde nr. 10 weer gesien? -- Na die vergadering wat by sy huis gehou was?

... / Ja

Ja? -- Ja, ek het.

Waar was dit? -- Daar was 'n vergadering wat gehou moes geword het in Zone 7.

Wat se vergadering was dit? -- It was a private committee.

Wie sou die vergadering in privaat gehou het? -- Ek, Vilakazi, mev. Olifant en mnr. Olifant.

Met wie sou julle die vergadering gehou het? -- Met Esau Raditsela. Dit is op die 24ste.

HOF : Dit is nog alles Augustus?

MNR. JACOBS : Augustus 1984? -- Ja. Edith moes ook daar gewees het en mev. Mokoena.

Rina Mokoena? -- I think so, yes. Sam Matlole.

Sam Matlole, dit is beskuldigde nr. 17?

HOF : Laat hy opstaan, asseblief? -- Dit is die persoon.

MNR. JACOBS : En? -- Mphuthi.

Mphuthi, wie is hy? Watter beskuldigde? -- Beskuldigde nr. 7. Ons is toe weg, ekself, Vilakazi, mev. Olifant en mnr. Olifant. Ons het in my voertuig gery.

Op die 24ste? -- Ja.

Wanneer jy van Vilakazi praat, is dit beskuldigde nr. 10? -- Ja, dit is so.

Waarheen is julle? -- Na Zone 7 toe, na Matlole se woning.

Matlole, wie is hy? -- Sam Matlole.

HOF : Beskuldigde nr. 17. -- Dit is reg.

MNR. JACOBS : En toe julle nou daar aankom? -- Met ons aankoms daar was Matlole tuis.

Dit is beskuldigde nr.17? -- Ja.

Ja? -- Dit is voor die volgende persone opgedaag het, naamlik Esau Raditsela, Edith en mev. Mokoena. Mnr. Matlole het toe telefonies met Esau Raditsela in verbinding getree. Daarna het Esau Raditsela daar opgedaag in die geselskap van

Edith. Na hulle alreeds daar was, het mev. Mokoena ook opgedaag.

Het daar nog mense opgedaag? -- Nee.

Wat gebeur daar toe? -- Omdat dit 'n privaat komiteevergadering was, met die doel om voorbereidings te maak vir die vergadering van die 26ste - eintlik het hierdie komitee gaan sit om 'n rooster te beplan aangaande die verhoging van huurgelde.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Wat bedoel u met 'n rooster? Bedoel u 'n agenda vir die vergadering of bedoel u geskeduleerde oorsig oor hoe die huurgelde verhoog is van tyd tot tyd? -- Dit was 'n voorbereiding van persone wat dan sprekers sal wees op die vergadering wat later gehou sou word, byvoorbeéld wie die voorsitter sou wees en wie die sprekers sou wees op daardie vergadering.

MNR. JACOBS : Dit was 'n agenda gewees dan? -- Ja.

Gaan aan, wat gebeur toe verder? -- Edith het toe daar verduidelik wat die doel van daardie vergadering was, naamlik dat ons daar bymekaar is met die oog daarop om voorbereidings te doen vir die dag van die 26ste. Sy het voorgestel dat daar 'n voorsitter gekies moet word, dit wil sê vir die vergadering van die 26s e.

HOF : Dat die voorsitter daar, by hierdie vergadering van die 24ste gekies word of dat hy op die vergadering van die 26ste gekies word? -- Wat sy daarby bedoel het, was dat 'n besluit geneem moet word in hierdie vergadering van ons van die 24ste wie die persoon sal wees wat as voorsitter gaan optree op die 26ste.

MNR. JACOBS : Gaan voort. -- Daarna was die voorsitter toe gekies. Daar was besluit op Lord McCamel as 'n persoon wat hierdie vergadering sal beheer op die 26ste. Dit was ook besluit dat vroumense met die uniform van Vaal Civic Associatio

... / geklee

geklee moet wees die dag.

Wat se kleure was dit? -- As ek nog reg onthou was die rompe blou en geel. Die skipperhemde was geel en dan aan die einde van die moue was dit swart.

Die blou, is dit nou 'n blou kleur soos die lug daarbo of wat se kleur blou? -- Donkerblou.

HOF : Blou soos die hemel of blou soos die gras? -- Blou soos die hemel, want die gras is ligter.

MNR. JACOBS : Wat is nog verder daar besluit? -- Dit was op daardie stadium wat Vilakazi 'n voorstel gemaak het dat die komitee van Zone 3 op hierdie dag van die 26ste gekies moet word.

Vilakazi is beskuldigde nr. 10? -- Ja.

Ja? -- Ons het toe ooreengekom dat dit die posisie gaan wees.

Het julle daar bespreek wie verkies moet word op die gebiedskomitee se bestuur? -- Nee, want wat gesê was daar was soos volg. Die gemeenskap in daardie vergadering sou besluit het wie hulle wou gehad het moes gekies word as die verteenwoordiger.

Was daar enige besluite daar geneem van wie julle as 'n komitee sou voorstel in hierdie private komitee, as kandidate? -- Nee.

Wat is nog bespreek daar? -- Ons het van die plakkate ook gepraat.

Wat het julle besluit? -- Dat daar plakkate moet wees binne-in die saal, dit wil sê aan die muur van die saal.

Wat se plakkate? Het julle die bewoording daarvan bespreek -- Dit was nie daar bespreek nie, behalwe natuurlik dat Esau gesê het soos 'n persoon wat betrokke is met die drukwerk, sal hy dit doen.

/ Wat

Wat is nog bespreek? -- Daarna het ek hulle daar agtergelaat. As ek reg onthou was dit net na 09h00 of net voor 10h00.

Net voor jy weg is, het julle bespreek en 'n besluit geneem oor wie die sprekers gaan wees, toe julle, soos jy dit noem, die rooster opgetrek het wat die agenda is? -- Ja, ons het alreeds besluit.

Wie sou die sprekers wees waaroor julle besluit het? -- Lord McCamel sou een van die sprekers gewees het en terselfdertyd die voorsitter van die vergadering.

Nog? -- As ek reg onthou was niemand anders gekies nie, want Lord McCamel sou dan die persoon gewees het wie die keuse sou gemaak het vir die komitee van die 26ste.

HOF : Met ander woorde, dit is aan Lord McCamel oorgelaat om die sprekers te kies en te kry? -- Ja, in die saal van die vergadering sou hy dit gedoen het.

Uit die gehoor? -- Nie uit die gehoor nie, maar uit die mense wat daar voor gesit het. Eintlik hy sou gekies het van die mense wat goed bekend is in hierdie organisasie van Vaal Civic Association.

MNR. JACOBS : Is daar 'n bespreking gevoer of 'n ooreenkoms bereik oor wat die inhoud van die toesprake sou wees en waaroor dit moet handel? -- Ja, dit was gesê dat die sprekers sal moet handel oor die verhoogde huurgelde en dan ook die raadslede se bedanking.

Wat van die bedanking? -- Dat hulle moet bedank, want hulle maak misbruik of hulle gebruik mense se geld vir hulle eie wins.

Is daar nog ooreengekom wat in die toesprake moet uitkom? -- Ek sal nie kan sê wat later besluit was na ek weg was nie, want ek is op 'n stadium weg. Met die gevolg dat ek nie

/ in

in staat is om vir die Hof te kan sê nie. Ek is toe weg na Zone 14 toe, dit wil sê na my broer se woning toe. Dit is na Esau homself verbind het dat hy, wat Esau is, die mense van Zone 3 sal vervoer in sy voertuig terug na Zone 3 toe.

So, toe jy weg is was die vergadering nog aan die gang? — Ja, dit was nog baie warm.

Op 25 Augustus, die dag voor die vergadering, het iemand by jou huis opgedaag? — Ja.

Wie was dit? — Mnr. Vilakazi, Bavumile.

Beskuldigde nr. 10? — Ja.

Wat het hy by jou kom maak? — Hy het daar by my gekom en vir my gesê dat hy kom vra dat ek die luidspreker sowel as die pamflette moet vervoer in die lokasie.

Na watter gebied? Was daar 'n spesifieke gebied waarheen jy met jou voertuig moes ry met die luidspreker en die plakkate? — Hy het gesê ek moet ditvervoer in die omgewing van Zone 3 in Evaton.

As jy dit vervoer, wat bedoel jy daarmee? Moes jy dit net gaan aflewer op 'n plek of hoe het hy vir jou gesê wat moet jy doen met die goed? — Hy het my nie spesifiek gestuur om sekere goed weg te bring na 'n plek toe nie. Wat ek daarby bedoel is dat hy het versoek dat ek hulle moet vervoer rond in die lokasie met die luidspreker op die voertuig en die pamflette.

Is dit nou om die vergadering van die 26ste te adverteer onder die mense? — Ja, dit is so.

Wie sou betaal vir die petrol wat jy gebruik om so rond te ry daarso? — Dit het hy uit sy sak uitgehaal, 'n bedrag van R10,00. Dit is Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10 en dit aan jou oorhandig? — Ja, hy het.

.. / Wanneer

Wanneer sou die advertering plaasgevind het? Daardie selfde dag, die 25ste of die oggend van die 26ste? -- Die oggend van die 26ste.

Die oggend van die 26ste, dit is Sondag, 26 Augustus 1984, het beskuldigde nr. 10 toe by jou huis opgedaag? -- Ja, dit is so.

Hoe laat het hy daar opgedaag? -- As ek reg onthou was dit om en by 06h00 of net na 06h00 in die oggend.

Was hy alleen gewees? -- Hy het alleen daar aangekom.

En het julle twee toe gery met jou motor, jy en beskuldigde nr. 10? -- Ja.

Waarheen het julle toe gery? -- Ons is na Vilakazi se woning toe met die oog daarop om die luidspreker bo-op die dak van die voertuig te plaas.

Dit is beskuldigde nr. 10? -- Ja.

By sy huis aangekom, wat het julle daar aangetref? -- Net na ons hierdie luidspreker op die dak geplaas het, het hy pamflette waarop reeds geskryf was uitgehaal.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Geskryf of gedruk? -- Gedruk.

MNR. JACOBS : Die luidspreker, waar het dit vandaan gekom? Was dit daar by sy huis of wat is die posisie? -- Dit was in sy huis gewees.

Het julle dit toe op die dak van jou motor gemonteer? -- Ja, dit is so.

En dan sê jy het hy ook gedrukte pamflette daar uitgehaal? -- Ja.

Hoeveel was dit gewees? Was dit baie of min gewees? -- Ek sal sê hulle was min gewees, want hy het gesê Esau Raditsela het min pamflette gemaak.

Hoeveel pakke was dit gewees? -- Dit was in 'n plastiese houer gewees. Ek skat dit was ongeveer soveel. (Getuie dui

/ aan)

aan)

HOF : Ongeveer 13cm.

MNR. JACOBS : Kan jy lees? — Nee, ongelukkig nie. Ek kan nie lees nie.

So, jy kan nie sê wat het op die pamflette gestaan nie? — Ja, dit is so, maar van hoor sal ek vir u kan sê.

Van wie het u gehoor? Laat ons dit net eers duidelik kry. — Terwyl ons in die strate die pamflette versprei het, het ek gehoor.

Van wie? — Van 'n spreker, Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10? — Ja.

Wat het hy vir jou gesê staan op die pamflette? — Nee, hy het nie vir my gesê nie. Hy was besig om vir die gehoor buite, die gemeenskap te sê.

Ons sal daarby kom netnou. Kom ons gaan net aan. Jy sê julle het die luidspreker gemonteer bo-op die voertuig, hy het hierdie pamflette gebring en is dit in die voertuig geplaas? — Ja, dit is so.

Het julle toe gery van sy huis af? — Ja.

Waarheen? — Ons het mnr. Nkopane opgelaai.

Is dit beskuldigde nr. 8? — Ja.

Waar het julle hom opgelaai? — By sy woning.

In watter gebied is dit? Waar is sy woning? — Zone 3.

Van sy huis af, waarheen is julle toe? — Ons het eers in Zone 3 gery, maar as ek reg onthou was ons nie net drie persone gewees nie, ons was vier.

Julle is by Nkopane, beskuldigde nr. 8, se huis en julle het hom opgelaai. Waarheen is julle toe? — Ons het mnr. Olifant ook opgelaai.

In watter gebied woon hy? — Ook in Zone 3.

So, was die vier van julle in die voertuig en julle het

/ toe

toe rondgery daar in Gebied 3? — Ja, dit is so.

En terwyl julle ry, het julle vinnig gery of het julle stadig gery? — Nee, ons moes stadig beweeg het, want was ons haastig gewees het, sou die mense nie gehoor het wat gesê word nie.

Terwyl julle so stadig ry, is daar toe oor die luidspreker aankondigings gedoen? -- Ja.

Wie het die aankondigings gedoen? — Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10? — Ja, dit is so.

Inwatter taal het hy die aankondigings gedoen? — Hy het Sotho gepraat.

En wat het hy aangekondig so oor die luidspreker? — Hy het gesê "Julle wat inwoners is van Zone 3, julle word genooi deur Vaal Civic Association."

Genooi waarheen? — Na die Roomse plek.

Het hy gesê waar? — Small Farms.

Het hy gesê hoekom word hulle soontoe genooi? — Ja, hy het gesê dit is aangaande die verhoging van die huurgelde en mense wat nie tevrede is met hierdie verhoging nie, moet maar afgaan na die Roomse plek toe.

Dit is herhaaldelik herhaal soos julle gery het? — Nee, dit was nie die einde van die aankondiging nie. Hy het verder gesê "Julle het die raadslede gekies wat (die woord is dubbelsinnig) wat misbruik maak van julle of julle geld gebruik vir hulle eie wins of mense gekies wat misbruik maak van geld in die algemeen."

Het hy nog iets bygevoeg? -- Ons is toe klaar met Zone 3 en ons het toe voortgegaan na Small Farms.

Net voordat julle voortgegaan het, terwyl julle so ry, was daar - die pamflette wat julle gehad het, wat het daarvan geword? -- Dit was aan die mense gegee daar. Dit was ook aan

die klein kinders gegee om te versprei.

In Gebied 3? -- Ja, dit is so.

Toe julle nou gery het na Small Farms toe, is dit nou Evaton? -- Ja.

HOF : Is dit ver van Gebied 3 af? -- Nee, dit is afgeskort van die ander een deur middel van 'n teerpad.

MNR. JACOBS : In die kleinhoewes, ek sal dit maar Evaton noem om nie verwarring te skep nie.

HOF : Nee, u moet oppas, Evaton het kleinhoewes en hy het ook 'n dorpsgebied as ek reg onthou met erwe. U kan dit miskien opklaar.

MNR. JACOBS : Kan ons net duidelikheid kry. Small Farms, ek gaan dit nou maar so noem omdat jy dit so genoem het, waarheen julle gery het, is daar woon erwe of is dit 'n woongebied of is dit kleinhoewes? Wat is die posisie daar? -- Die plek is verdeel in drie seksies. Daar is 'n gedeelte bekend as Small Farms. Dan is daar 'n gedeelte bekend as oorkant en dan is die derde gedeelte bekend as Evaton. Dit is aan ons bekend as Evaton, want die woord Evaton is eintlik die beroemde een in die omgewing.

In Evaton nou self, die gebied wat jy nou sê Evaton, die derde gebied, is dit soos 'n dorpsgebied met huise, blokke? -- Ja, dit is so.

En oorkant, die gebied wat jy genoem het wat bekend is as oorkant, is dit ook 'n gebied met erwe en blokke soos in 'n dorpsgebied of hoe is hy? -- Nee, die struktuur is net dieselfde soos dié van Evaton. Dit wil sê die huise daar. Die struktuur en alles daar is dieselfde soos in Evaton.

En Small Farms? -- Dit is ook dieselfde behalwe natuurlik dat daar ook mense is wat in sinkplaathuise woon, of strukture van huise wat van sinkplate gemaak is.

Waar het julle gery? Jy het nou drie gebiede opgenoem in Evaton, wat bestaan uit drie gebiede, Small Farms, oorkant en Evaton proper. Waar het julle gery? — Ons is na die oorkant gedeelte toe.

Is dieselfde advertensie of aankondiging gedoen oor die luidspreker daarso? — Ja, dieselfde aankondiging soos in Zone 3 is daar gedoen.

Beskuldigde nr. 10, dit is Vilakazi, het hy altyd die aankondigings gedoen of het hulle mekaar afgelos of wat was die posisie daar? — Hulle het mekaar beurte gegee. Nkopane het die aankondigings daar gemaak.

Beskuldigde nr. 8? — Ja.

Is dit net tussen hulle twee wat dit gewissel het wie die aankondigings gemaak het? — Nee, op 'n stadium het Olifant ook aankondigings gemaak.

En het julle daar ook pamflette uitgedeel? — Ja, dit is so.

Deur wie? — Vilakazi en Olifante is die twee mense wat die pamflette uitgegee het. Ek, as die bestuurder, was nie in staat gewees om pamflette te oorhandig nie.

Vilakazi, beskuldigde nr. 10. Julle het nou oorkant gery en daarna, het julle in nog dele van Evaton gery nadat julle oorkant klaar was? — Ek kan nie onthou dat ons iewers heengegaan het nadat ons oorkant toe was nie, want toe ons net uit Evaton uitgaan, het ons die Munisipaliteit se bakkie daar raakgeloop. Ons het ook vir hulle van die pamflette gegee en gesê "Menere, julle kan maar ook vat."

Ja? — Weens die tydaspek, wat toe alreeds verstreke was, is ons af na die Roomse Plek toe.

Hoe laat was dit toe ongeveer? — As ek reg onthou was dit net voor 10h00 of voor 11h00.

.../ Te

Is dit die tyd wat die vergadering moes begin? -- Nee, ons vergadering was nie die eerste vergadering nie. Daar was 'n vergadering gewees wat alreeds aan was.

So, waarheen is julle toe op daardie stadium? -- Bedoel u toe ons by die plek gekom het waar die vergadering gehou moes gewees het?

Na julle vir die munisipaliteit se mense die pamflet gegee het? -- Ons is na die Roomse plek toe.

Toe is julle na die Roomse Kerk toe. Vandat julle die oggend begin ry het hier 06h00 of net na 06h00 tot op hier- die stadium ongeveer tussen 10h00 en 11h00, het julle al die tyd rondgery in die gebiede om te adverteer? -- Ja, dit is so.

Toe julle nou by die Roomse Kerk aankom by Small Farms, wat het julle daar gevind? -- Daar was alreeds mense gewees wat daar gewag het vir die komitee van die Rate-Payers se vergadering om uit te kom.

Die mense wat daar was, hoeveel skat jy was dit? Was dit min of was dit baie? -- Hulle was baie, maar nie soveel dat 'n mens kan sê hulle was te veel nie.

Kan jy 'n skatting gee hoeveel hulle omtrent was toe julle daar kom? -- Praat u van die mense buitekant?

Ja, buitekant, voordat julle kon begin? -- Ek skat dit omtrent sestig of tagtig.

Julle kom nou daar aan en wat gebeur toe? -- Toe ons daa kom het iemand ons laat weet dat daar nog 'n vergadering aan die gang was. Dit was die Rate-Payers vergadering, maar hulle gaan binnekort klaar maak.

En toe? -- Ons het 'n rukkie daar gewag en daardie vergad het toe uitgekom.

Daar buitekant die saal, was daar enige plakkate of sulke goed aangebring buite die kerk? -- Nee, ek het nie

plakkate gesien nie.

Toe die ander uitgekom het, is julle toe die kerk in? — MR BIZOS : My Lord, the evidence is that this place is a hall and not a church.

MNR. JACOBS : 'n Saal dan. Is julle in die gebou in? — Dit is nie 'n gebou nie. Dit is die Roman Catholic Church.

Is julle toe in? — Voor ons binnegegaan het, het iemand in die deur gestaan.

Wie is die persoon wat by die deur gestaan het? — Ek weet nie wat die persoon se naam is nie. Hy is net aan my bekend as 'n werknemer van brood. Die fabriek is bekend as VSB.

Is die persoon hier in die hof onder die beskuldigdes? — Nee, hy is nie.

Wat het die persoon gedoen wat by die deur gestaan het? — Hy het daar beduie waar mense van Zone 3 moet gaan staan. Dit was aan die regterkant.

En aan die linkerkant? — Hy het geseê aan die ander kant, dit is die teenoorgestelde kant, is Zone 7 se mense.

So, die mense van Gebied 3 en Gebied 7 moet nie bymekaar sit nie, maar hulle moet apart sit? — Ja, dit is so.

HOF : U sê dit is nie 'n saal nie, maar 'n kerk? — Dit is hoe ek dit gesien het en tweedens, as gevolg van wat ek gehoor het dat ons na die Rooms-Katolieke Kerk toe gaan, het ek aanvaar dit is die kerk.

Het hy 'n toring? — Nee, ek het nie opgelet nie, want ek was binnekant gewees.

MNR. JACOBS : Kan jy as 'n predikant vir ons beskryf toe jy nou in die gebou self in is, wat is die geaardheid daar? Is daar 'n preekstoel, is daar 'n plek waar mense sit? Gee vir ons 'n beskrywing. Ons weet nie wat se gebou is dit nie. —

Ja, dit kan ek verduidelik. Daar is 'n preekstoel in sekere kerke waarop die predikant moet staan terwyl hy besig is om te preek. Daar is party kerke waar 'n mens nie 'n preekstoel kry nie. Jy kry net 'n groot saal, maar dit is duidelik dat die predikant, indien dit kerk is wat gehou word, daar behoort te staan.

HOF : Het die plek 'n preekstoel gehad of nie? -- Nee, ek het nie 'n preekstoel gesien nie. Moontlik het hulle daardie preekstoel verwyder omdat hulle geweet dat daar 'n vergadering daardie dag was van huurgelde en dit vervang met 'n tafel wat ek daar gesien het.

MNR. JACOBS : Toe julle daar ingegaan het, waarheen is jy toe? -- Ek het ook na daardie stoele gegaan heel voor.

By die tafel? -- Ek was by die tafel gewees.

Saam met wie het jy soontoe gegaan? -- Nkopane.

Dit is beskuldigde nr. 8? -- Ja. Vilakazi.

Beskuldigde nr. 10? -- Ja. Mev. Mokoena. Verder die vroumense met hierdie uniforms wat ek alreeds aan die Hof beskryf het.

Was daar vrouens met uniforms daar? -- Ja, dit is so.

Waar was hulle gewees? -- Die posisie was so. Ons het by die tafel gesit en na die gehoor se kant toe gekyk. Die vroumense met uniforms aan het agter ons gesit.

Hoeveel was hulle? -- Omtrent agt of nege. Eintlik was my eie vrou ook daar gewees met daardie uniform.

Jy het nou by die tafel gesit. Het beskuldigdes nrs. 8 en 10 ook by die tafel gesit soos jy en na die gehoor gekyk? -- Ja, Matlole was ook by.

Matlole, wie is hy? -- As ek praat van Matlole wat by was, is dit nie te sê dat hy by die tafel gesit het nie. Hy het aan die kant van die saal gesit teen die muur regoor die tafel

waar ons gesit het.

Het hy ook na die gehoor gekyk of het hy van die gehoor af na julle gekyk? -- Waar hy gesit het, het hy gesit en kyk in die rigting van die gehoor.

So, net om die prentjie duidelik te kry. Die stoele agter die tafel, het hulle, soos hierdie tafel is, nou verby die kante van die tafel gegaan tot by die kant van die saal? -- Ja, dit is so.

En het hy in dieselfde ry gesit, het jy ook in daardie ry gesit en hy in dieselfde ry stoele, maar net verder weg van die tafel af? -- Ja, dit is so.

En Matlole wat jy sê, dit is beskuldigde nr. 17?

HOF : Laat hom opstaan, asseblief? -- Ja, dit is hy.

MNR. JACOBS : So, hy was daar by die tafel gewees of op daardie stoele by die tafel, aan die punt daarvan en wie nog? -- Ek kan nie die persoon se naam onthou nie, maar die persoon kan ek uitwys tussen die beskuldigdes.

Waar is hy? -- (Getuie dui aan)

HOF : Beskuldigde nr. 5. -- Ja, dit is hy.

Het hy ook op die ry stoele gesit waarvan jy gepraat het? -- Omdat daar nie meer sitplek was op die stoele nie, het hy daar gestaan en teen die muur geleun.

MNR. JACOBS : En nog? -- Na al die mense hulle sitplekke ingeneem het ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Kan jy net vir ons sê voordat ons verder gaan, ken jy beskuldigde nr. 4 miskien? -- Nee, ek ken hom nie. Ek ken die een agter hom, Jacob Hlanyane.

HOF : Laat hy net sy hand opsteek. Dit is beskuldigde nr. 15.

MNR. JACOBS : Was hy daar gewees? -- Ja, hy was.

Waar was hy gewees? Waar het hy gesit? -- Hy het daar heel agter gesit in die gehoor.

Julle sit nou daar by die tafel voor die vergadering begin het. Het Lord McCamel toe daar opgedaag? — Omdat Lord McCamel nie opgedaag het nie, het Esau Raditsela my versoek dat ons moet voortgaan met die werk. Ek moet die vergadering open met 'n gebed.

Was Esau ook daar by die tafel gewees, Esau Raditsela? — Nee, hy het nie by die tafel gesit op daardie stadium nie. Hy het net ingekom, na my toe gekom en my versoek dat ek moet bid.

Net voor dit, terwyl julle daar gewag het vir Lord McCamel en totdat Esau nou ingekom het, wat het die mense in die saal gedoen? — Daar was gesing gewees.

Wat is gesing? — Byvoorbeeld hierdie lied Siyophinda Siyinyode.

Wat is die betekenis hiervan en waaroor gaan die lied? — Ek sal nie in staat wees om te kan verduidelik waaroor dit gaan nie. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek hierdie lied daardie dag gehoor het.

Wat beteken hierdie woorde soos jy dit nou genoem het? — Ek is Sotho. Dit word in Zoeloe gesing. Dit is dus nie duidelik wat dit eintlik beteken nie.

Wat is daar nog gesing? — Siyaya Epitoli.

En nog? — Die ander een was Singaka Mandela. Singamasotja ka Mandela.

Wat is die betekenis hiervan? — Hierdie een verstaan ek byvoorbeeld waar hulle praat van "sotja". Ek weet wat dit beteken. Dit is 'n soldaat. 'n Soldaat van iemand of wat namens iemand optree.

Wie is die iemand? — Volgens wat daar gesing was, was dit Mandela.

Nog liedere? — Na daardie liedere gesing was, het

Raditsela my toe genader vir die gebed wat hy my versoek het om te doen.

Hierdie liedere, wie het die singery daarvan gelei? -- Dit was jeugdiges tussen die gehoor, eintlik heel agter in die gehoor wat die leiers was.

Hoe was hulle geklee? Enigiets opmerklik? -- Een het 'n UDF skipperhemp aangehad sowel as die wapen. Een het 'n COSAS skipperhemp aangehad.

Hoe het jy dit agtergekom? Ken jy daardie T-hemde besonder goed of hoe weet jy dit is 'n UDF T-hemp en 'n COSAS T-hemp? -- Dit was as gevolg van die mense wat naby my was se inligting wat hulle oorgedra het, byvoorbeeld dat 'n mens volgens die kleur van die klere 'n verskil kon gemaak het. Hulle het aan my verduidelik watter kleur is vir watter organisasie.

Wie het aan jou verduidelik? -- Dit was 'n gesprek van vroumense wat agter my gesit het.

Net voordat jy met die gebed begin, was daar toe pamflette in hierdie lokaal opgeplak, soos daar besluit is?

HOF : Pamflette of plakkate?

MNR. JACOBS : Plakkate, ekskuus? -- Ja, daar was iets opgeplak gewees, maar ongelukkig kan ek nie vir die Hof gesê wat daar geskryf gestaan het nie.

Was dit meer as een of 'n klomp verskillendes wat opgeplak was? -- Dit was omtrent ses. Dit is as ek reg onthou.

Het jy toe die vergadering geopen met 'n gebed soos versoek deur Esau Raditsela? -- Ja, dit is so.

HOF: Wat was die tema van u gebed? -- Wat ek gesê het onder die naam van die Here en die seël. "Under the name of the Holy Spirit." In hierdie gebed van my, after having said "Under the name of the Holy Spirit" I said "I thank You in this meeting where we have met ... " (Hof kom tussenbei)

Ek wil nou nie die hele gebed hoor nie. Ek wil net weet wat was die tema. Was dit 'n dankgebed of het u vir iemand of vir iets gebid? -- Dit is eintlik om te dank dat die vergadering daar bymekaar gekom het.

MNR. JACOBS : Nadat jy met gebed geopen het, wat gebeur toe? -- Esau Raditsela het my toe bedank vir die gebed en toe daarna 'n toespraak gemaak.

Wat het hy gesê? -- Deur die mense in kennis te stel dat die persoon wat eintlik hierdie vergadering moes gehou het, nie teenwoordig is nie, naamlik Lord McCamel. In daardie gesprek het hy toe gesê dan sal hy vir mnr. Nkopane vra om in hierdie vergadering te dien as 'n voorsitter van die vergadering.

Dit is beskuldigde nr. 8? -- Ja, dit is so.

Ja? -- Na dit het hy toe gesê hy sal weggaan na 'n ander vergadering te Sharpeville.

Hy en wie? Hy alleen of iemand saam met hom? -- Hy het niemand se naam genoem nie. Hy het net van hom self gepraat. Ek weet nou nie of hy alreeds met die mense daar buite gepraat het saam met wie hy sou gegaan het nie, maar ek dra geen kennis nie.

So, hy het gesê hy moet na 'n ander vergadering in Sharpeville gaan. Net Sharpeville of nog 'n ander een? -- En Bophelong en Sirela. Dit is alwat ek onthou.

HOF : Waar is Sirela? -- Dit is Vanderbijlpark.

MNR. JACOBS : Het hy aan die vergadering verduidelik hoekom hy hier drie vergaderings moet gaan bywoon? -- Die rede hoekom hy soontoe gegaan het, was oor die verhoging van die huurgelde asook in 'n poging dat die raadslede uit hulle poste as raadslede moet bedank.

Nog 'n rede? -- Hy het nie 'n ander rede verder as dit

/ gegee

gegee nie. Daarna is hy toe uit en weg.

Was daar niks gesê oor die 3de se gebeure nie, wat op 3 September 1984 sou gebeur nie? -- Nee, nie hier by ons nie. Toe hy hier weg is, het hy geen melding daarvan gemaak nie.

HOF : Was daar nie gepraat van 'n optog nie? -- Nee, nie daar nie. Nie in hierdie vergadering toe hy ons laat weet het dat hy weggaan nie. Ek neem aan dat hy alreeds besluit het wat sy toespraak gaan wees by die ander vergaderings.

MNR. JACOBS : Hy het nou gesê hy gaan weg, Lord McCamel is nie daar nie en beskuldigde nr. 8 sal die voorsitter wees. Het hy enigiets aan beskuldigde nr. 8 oorhandig? -- Ja, hy het aan hom 'n papier gegee.

Weet u wat se papier dit is? -- Die papier wat aan hom gegee was, het vir my voorgekom asof dit die papier was waarop die name van die sprekers die dag op die vergadering verskyn het.

Hoekom sê u so? -- Ek sê so omdat onmiddellik nadat Esau weg is, het die persoon wat aangestel was as 'n voorsitter na hierdie papier gekyk en toe persone se name begin uitlees.

Is dit nou beskuldigde nr. 8 wat hierdie papier gebruik
K119 het om die sprekers se name daarvan uit te lees? -- Ja, dit is so.

Kan jy net vir die Hof sê, ek wil terugkom na die vergadering van die 24ste toe. Was daar, terwyl jy nog daar was en reëlings getref was vir die vergadering, so 'n lys opgestel? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Het Esau toe vertrek? -- Ja, hy is weg.

Het beskuldigde nr. 8 toe die voorsitterstoel geneem en wat het toe gebeur? -- Sy eerste woorde aan die gehoor was - hy het die vergadering voorgestel aan die gehoor en gesê "Ons is hier vandag bymekaar in hierdie vergadering aangaande

die huurgelde wat verhoog word, waaroor die gemeenskap nie tevrede is nie."

Wat het hy nog gesê? -- Hy het toe verder gesê "Op die papier wat ek het, verskyn die name van die persone wat sprekers gaan wees vandag in hierdie vergadering."

Ja? -- Hy het die eerste persoon se naam uitgelees, dit was 'n vroumens gewees, mev. Mokoena, wie toe ook opgestaan het en 'n toespraak gemaak het.

Wat was die inhoud van haar toespraak? -- In haar toespraak het sy gesê dit is nou tyd op hierdie stadium dat mense bymekaar moet kom en 'n eenheid vorm aangaande hierdie huurgelde. Sy het verder gesê daar moenie mense wees wat bang word dat hulle, die mense, gearresteer sal word nie.

Het sy gesê hoekom hulle dan gearresteer sal word? -- Sy het dalk besef dat daar mense daar in die vergadering is wat nie eintlik gelukkig is nie.

Ek wil nie spekulasie hê nie. Het sy iets gesê hoekom die mense nie bang moet wees vir arrestasie nie? -- Sy het nie gesê hoekom sy dit genoem het of hoekom sy dink mense is bang nie.

Toe sy gesê het die mense moet 'n eenheid vorm, het sy gesê vir watter doel hulle die eenheid vorm, om wat te bereik met die eenheid? -- Sy het gesê die mense moet 'n eenheid vorm aangaande die weerstand oor hierdie verhoging van die huurgelde en om daarin te slaag dat dit nie kan vorder nie. Sy het toe verder gesê sy weet daarvan dat mansmense maar bang mense is. Ter stawing daarvan het sy melding gemaak van 'n sekere jaartal waar 3,00C vroumense Pretoria toe gegaan het om 'n betoog te gaan lewer aangaande bewysboeke. Haar verdere stawing daarvan was dat mense moet dit goed sien. Dit is juis die rede hoekom die mansmense bang is, want as 'n man saam met 'n vrou

loop, sal net die man gevra word om sy bewysboek te toon en nie die vroumens nie. Dit wys vir jou hoe bang is die mansmense.

Gaan aan? — Daarna het sy toe melding daarvan gemaak dat hierdie organisasie van Vaal Civic Association het haar as 'n persoon baie gehelp, in die sin dat hulle kruideniersware vir haar gekoop het sowel as die betaling van haar huurgeld. Daarna het sy gaan sit.

Het sy iets gepraat oor die huurgelde, of dit betaal moet word of nie? — Ja, ek vra om verskoning, dit het my net (10) ontgaan. Sy het daarvan gepraat dat huurgelde nie betaal moet word nie.

En enigiets gemeld omtrent die raadslede? — Ja, sy het iets daaromtrent gesê.

Gaan voort. — Sy het gesê as hulle nie die werk bedank nie, is al wat oorbly, hulle behoort gedood te word.

En nog? — Na sy dit gesê het, die teken van Amandla was gemaak, soos ek demonstreer.

HOF : Regtervuis in die lug.

MNR. JACOBS : Wat was die reaksie van die gehoor op haar (20) toespraak toe sy hierdie dinge gesê het? — Dit was vir my duidelik gewees dat die gehoor bly was oor die toespraak wat sy gemaak het. Die rede hoekom ek so sê is, hulle het die teken van Amandla gegee en toe ook die slagwoord van Amandla gebesig.

U Edele, dit is seker amper tyd om te verdaag, maar ek wil die Hof net vra, toe die getuie sy getuienis gegee het oor wat die persoon gesê het, het die gehoor hierso 'n vreeslike reaksie getoon en ek dink dit gaan vir die getuie moeilik wees as die gehoor elke keer met sulke reaksies kom as hy sy getuienis (30) gee. In die omstandighede, as dit dan die manier is waarop

hulle wil optree, wil ek vra dat hulle dan liewers uit die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek sal een waarskuwing aan die gehoor rig. Die gehoor moet dit duidelik begryp dat 'n hof ordelik moet verloop en dat ek geen uitroepe of sugte of tekens wil sien of hoor wanneer enige getuie enigiets sê nie. Indien daar nie stiptelik gevolg gegee word aan my opmerkings nie, sal ek dit oorweeg om die publiek uit die hof te weer.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

PETER MAHLATSI, nog onder eed

MR BIZOS : My Lord, may I place on record that More, accused no. 4, has been taken tot he doctor. In relation to the leading of this witness, I would appeal to My Learned Friend - in view of certain information that we have, which I shall have to put to the witness in due course - to ask the witness what the various speakers said, rather than ask him questions which my be deemed to be leading questions in relation to specific matters. I am not for one moment asking for a ruling as to whether the last two questions were legal questions or not, but in view of certain information that we have, I would appeal to My Learned to confine himself to asking the witness what the various speakers said and not specifically to direct his attention to various matters.

COURT : Whenever he does something that in your view is objectional, you have got the right to object, Mr Bizos. It is no good appealling through me to Mr Jacobs.

MR BIZOS : I realise that.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mahlatsi, na mev. Mokoena haar toespraak gelewer het, is daar toe verdere toesprake gelewer? -- Ja, daar was ander mense wat ook

... / sprekers

sprekers was.

Kan u vir ons sê wie was een van die mense wat 'n spreker was? -- As ek nog reg onthou mev. Olifant was ook geroep as 'n spreker daar.

Kan jy vir ons sê wat het sy gesê daar op die vergadering? -- Wat sy gesê het is dat sy dankbaar is om te sien dat die mense bymekaar gekom het aangaande die probleem van die verhoging van die huurgeld om dit teë te sit. Sy het verder gesê dat vroumense nou op hulle voete behoort te staan, want hulle, as vroumense, is die mense wat die mes aan die skerp kant hou. Die rede daarvoor was dat in die meeste van die gevalle huurgelde aan die vroumense gegee word. As dit nou hier gesê word dat huurgelde nie betaal moet word nie, is daar van die vroumense wat sal betaal. Met ander woorde, sy dring daarop aan dat mense nie moet gaan betaal nie, soos besluit. Daarna het sy net dankie gesê vir die geleentheid wat sy gekry het om te praat en toe gaan sit.

Net voordat ons van haar afstap, wat beteken hierdie die mes aan die skerp kant hou? Wat beteken hierdie idioom van haar? -- As 'n persoon soos ons praat van 'n mens wat 'n mes aan die skerp kant vashou, word dit soos volg verduidelik. As daar 'n leeu te voorskyn kom om 'n kind te vreet, kan die vroumens liewer tussen die kind en die leeu gaan staan dat die leeu eerste vir haar kan vreet in plaas van vir die kind.

Het sy uitgebrei op hierdie mes aan die skerp kant gesegde van haar? -- Wat ek nou net gesê het, is my eie verduideliking om te kan verstaan waaroor het sy gepraat.

Het sy self daaroor uitgebrei? -- Nee, sy het nie.

Sy het nou gaan sit en wat gebeur toe? -- Net toe sy gaan sit het, is die Amandla teken toe gegee.

Deur wie? -- Dit is die gehoor wat daar agter gesit het

... / ingesluit

ingesluit myself.

HOF : Die mense wat voor gesit het en die mense wat agter gesit het? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie was 'n volgende spreker? -- Op 'n stadium het Vilakazi kom fluister ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Vilakazi is beskuldigde nr. 10? -- Vilakazi het aan Nkopane gefluister ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Nkopane is beskuldigde nr. 8. -- In die fluister het hy aan Nkopane, beskuldigde nr. 8, gesê dat daardie persoon wie se naam ek nie ken nie wat nou net opgestaan het, 'n kans gegee moet word om die hele aangeleentheid duidelik te maak in die vergadering.

HOF : Dit was beskuldigde nr. 5 na wie u verwys het? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wat doen beskuldigde nr. 8? -- Hy het opgestaan. By hom het hy 'n stukkie papier gehad, wat ek soos volg kan verduidelik.

HOF : Is dit beskuldigde nr. 8 of beskuldigde nr. 5? -- Dit is die onbekende man wie se van ek nie ken nie.

Dit is beskuldigde nr. 5. -- Hy het opgestaan met 'n stukkie papier in sy hand. Ek het aanvaar dat op hierdie stukkie papier is aantekeninge of punte geskryf waaroor hy gaan praat.

MNR. JACOBS : Gaan voort. -- Toe hy opgestaan het was hy ook dankbaar gewees dat hierdie gemeenskap so bymekaar gekom het aangaande die huurgelde. Hy het toe verder gesê dat die mense in hierdie vergadering nie moet skrik as hulle miskien gearresteer gaan word nie, want dit wat hy hier kom sê is nuus wat hy in die koerante gedruk sal laat word. Hy het toe verder daar verduidelik oor die posisie van die huurgelde.

Wat verduidelik hy? -- Dat huurgelde nie betaal sal word nie en die raadslede behoort te bedank. Hy het verder gesê op die 3de sal die mense nie werk toe gaan nie. Hy het toe

... / verder

verder gesê dat die winkels gesluit sal wees vir 24 uur.

Die 3de van watter maand is dit? — 3 September.

1984? — Ja.

Gaan voort? — Hy verduidelik toe verder dat selfs skoolkinders nie skool toe sal gaan nie. Hy het toe verder gesê dat ꞌn brief gerig gaan word aan die Italianers, dit is die eienaars van die busse dat hulle busse op hierdie dag sal moet staan. Selfs die fabrieke sal in kennis gestel word deur middel van ꞌn geskrif dat die dag van die 3de die dag van die "stay-away" sal wees. Die enigste voertuig wat toegelaat sal word of wat sal beweeg in die strate is ꞌn ambulans wat verpleegsters sal vervoer.

Jy sê hy het gesê die enigste voertuig wat in die strate toegelaat sal word is ambulanse. Het hy verduidelik hoe dit verhoed sal word dat daar nie ander voertuie ry nie, privaat voertuie van mense? — Hy het gesê die ambulans is die enigste voertuig wat toegelaat sal word om te ry daar in die lokasie om verpleegsters te vervoer na die hospitaal toe.

Het hy daarop uitgebrei of nie? — Op daardie stadium het hy sy sitplek ingeneem en daarna het Nkopane toe vir die mense gesê diegene wat voel hulle het vrae om te stel, het nou die geleentheid.

Toe hy sy toespraak begin het, het hy enigiets gedoen, enige tekens gegee of iets gedoen? — Hy het hierdie teken gemaak, soos ek aandui.

HOF : Dit is toe hy sy toespraak geëindig het of begin het? — Dit word gemaak as ꞌn mens begin en ook as ꞌn mens die toespraak beëindig.

Het hy dit ook gedoen? — Ja.

MNR. JACOBS : En het hy iets saam geskreeu? Dit word seker nie betwis nie. Hy het gesê Amandla? — Ja, hy het

Amandla geskreeu.

Dan het die gehoor geantwoord met Awethu? -- Die gehoor het geantwoord met Awethu.

Kan jy vir die Hof sê hoe die gehoor hierdie stelling van hom dat op die Maandag sal die mense nie gaan werk nie en die winkels sal toe wees, hoe het hulle dit aanvaar? Hoe het hulle gereageer daarop? -- Die gehoor se gevoelens as gevolg van wat hy gesê het, was so hoog gewees dat 'n mens dit kon beskou het dat hulle saamstem met dit wat hy gesê het.

Wat het die gehoor gedoen wat daardie indruk by jou gelaat het? -- Toe hy sy toespraak beëindig het met die teken van Amandla, het die gehoor ook daardie teken gegee van Amandla.

Wat was die rede dat die mense die Maandag, die betrokke Maandag, 3 September 1984 nie sou gaan werk nie en dat daar geen vervoer sou wees nie. Vir watter rede was dit? -- Dit was bedoel vir die mense om te marsjeer die betrokke dag, om die mense in staat te stel om in groot getalle daar te kom as bewys dat hulle nie goedkeuring gee aan die verhoging van hierdie huurgelde nie en moes hulle weggebly het van die werk.

HOF : Is daar net bespreek by die vergadering wegbly van die werk of is daar ook bespreek optog op die 3de, by die vergadering? -- Wat gesê was daar was oor die "stay-away" en dat die mense moet gaan marsjeer.

MNR. JACOBS : Was daar op die vergadering enige melding wanneer die marsjering sou plaasvind en waar die mense bymekaar moes kom? -- Hulle het daarvan gepraat dat ons bymekaar moes kom by die Rooms-Katolieke Kerk op die 3de.

Was daar enige bespreking op hierdie vergadering op die 3de se bymekaar kom? Sou al die mense van die hele woongebied net daar bymekaar kom of wat was die omstandighede? -- Wat gesê was was dat al die mense wat gaan deelneem, daar bymekaar

... / moet

moet kom.

Is daar gepraat van ander plekke waar daar ook optogte sou wees of was daar niks gesê nie? -- Nee, daar was geen melding gemaak van ander plekke nie, want hierdie vergadering wat daar gehou was, was vir die mense van Zone 7 en Zone 3.

HOF : En waar is die Rooms-Katolieke Kerk? In watter gebied? -- Small Farms.

MNR. JACOBS : Jy sê dat beskuldigde nr. 8 het nadat beskuldigde nr. 5 gepraat het opgestaan en as ek reg onthou het jy gesê hy het gesê die vergadering is nou oop vir vrae? -- Ja, dit is so.

Gaan voort, wat het toe gebeur? -- Daar het 'n manspersoon opgestaan heel agter. Die persoon het 'n vraag gestel aan die persoon wat nou gepraat het oor die "stay-away".

Is dit nou 'n vraag gestel aan beskuldigde nr. 5? -- Ja, dit is so.

Wat het hy gevra? -- Sy vraag was "Aangesien julle nou sê daar word nie werk toe gegaan op die 3de nie." Die antwoord op die vraag was 'n brief sal gerig word aan die Italianers dat die busse nie moet ry nie.

Gaan voort. -- Na aanleiding van die antwoord wat gegee was op die vraag van hierdie man , het hy die volgende vraag gevra "Wat van die mense wat skelmpies agter uit sal gaan om werk toe te gaan?" In antwoord het die persoon aan hom gesê ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Het beskuldigde nr. 5 hom geantwoord? -- Ja, dit is beskuldigde nr. 5. Hy het gesê van honderd mense wat veronderstel was om werk toe te gaan, kon daar net een gegaan het. Dit beteken dus dat nege-en-negentig van die mense het nie gegaan nie. Die persoon het toe gaan sit. Dit is die eerste man wat die vraag gestel het aan beskuldigde nr. 5. Toe het die

/ tweede

tweede een opgestaan.

HOF : Daar is nie gesê wat met die een sal gebeur van die honderd nie? -- Nee, ek het nie gehoor wat gesê was oor hom nie.

Toe het 'n ander man opgestaan? -- Ja, 'n ander man het opgestaan. Die een het gepraat oor die kwessie van die huurgeld wat nie betaal sal word nie.

MNR. JACOBS : Wat is daar gesê van huurgeld wat nie betaal sal word nie? -- Die persoon se vraag was, wat word van die mense wie hulle huise gekoop het terwyl ons nie huise gekoop het nie. "Wat sê julle van daardie mense?" In antwoord het hy gesê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nog steeds beskuldigde nr. 5? -- Ja. In antwoord sê hy die mense wat gekoop het sal hierdie ding doen "stop-order".

MNR. JACOBS : Wat beteken dit? -- Hy het dit so verduidelik, byvoorbeeld soos ek, as ek 'n huis gekoop het, word dit afgetrek van my geld om te betaal vir daardie huis wat ek gekoop het. Wat ek dan moet doen is, ek gaan na my werkgewer toe en ek sê vir hom "Kyk, weens die feit dat daar probleme ontstaan het oor die huurgelde daar in die woonbuurt, moenie weer geld van my aftrek tot tyd en wyl dit opgelos is nie."

HOF : Met ander woorde, was sy voorstel dat die persone hulle werkgewers moet aansê om nie meer stoporders uit te betaal nie? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : As ek dan reg verstaan moet hulle nie hulle paaiemente op hulle huis se koop betaal ook nie, die koopsom van die huis? -- Ja, dit is wat hy gesê het.

Gaan voort. -- Hy het toe gaan sit.

HOF : Kan ek net duidelikheid hieroor kry. Tot dusver het ek nog deurgaans gehoor van verhoging van huurgelde. Was daar ook 'n verhoging van die paaiemente wat mense moes betaal

/ wat

wat huise gekoop het? -- Bedoel u verhoging op die paaiemente van die mense wat koop?

Ja? -- Ek verstaan nie wat u bedoel nie.

Wat ek bedoel is dit. Die getuies het vir my vertel dat die huurgeld op huise wat gehuur is met R5,90 per maand verhoog is. -- Ja.

Nou wil van u weet of die paaiemente van mense wat gekoop het ook verhoog is? -- Ja, dit is so. Selfs ek. Ek het 'n kennisgewing gekry om my te laat weet dat dit verhoog is.

En u is 'n koper? -- Ja.

Met watter bedrag is u huurgeld verhoog? -- Ook met R5,90.

So, net dieselfde as die huurders? -- Ek sal so sê, ja. al het ek nie hulle s'n gesien nie. Ek het net myne gesien.

MNR. JACOBS : Die laaste man het toe gaan sit. Wat gebeur toe? -- Na die persoon gaan sit het, het Sam Matlole toe opgestaan.

HOF : Is dit die beskuldigde in die hof, nr. 17? -- Ja. Sy toespraak was gemik op die mense wat vrae gevra het, deur te sê hulle moenie vrae vra soos bang mense nie, want hier, verwysende na die vergadering, is ons om te baklei vir die huurgelde wat eintlik nie bekostig kan word nie deur die gemeenskap.

MNR. JACOBS : Gaan voort. -- Hy sê toe verder hierdie honde van die raadslede (die woord gebruik deur die getuie het meer as een betekenis) gebruik ons geld vir hulle eie aanwending, gebruik ons geld deur hulle eie besigheid te bevorder, maak wins uit ons geld. Hulle het al winkels vir hulleself gekoop of gebou of laat bou. As ek reg onthou is dit al wat hy gesê het.

En toe? Wat gebeur toe? -- Daarna is die hand opgelig as 'n aanduiding dat dit wat hy gesê het duidelik was. Die

/ gehoor

gehoor het ook dieselfde teken gegee.

En Amandla Ngawethu geskreeu? — Ja, Amandla Ngawethu.

Is daar nog vrae gevra na hy hierdie toespraak gelewer het? — Bedoel u vrae wat aan hom gerig was?

Of uit die gehoor aan enigeen van die mense wat die vrae sal antwoord? — Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Ek wil net teruggaan na die tyd van die vrae stel periode. Het daar enige besondere insident plaasgevind toe die vrae-stellery aan die gang was met die persone wat vrae gestel het of een persoon? — Ek sal om verskoning vra, want ek het nie melding gemaak van 'n derde persoon nie. 'n Sekere mans-persoon het opgestaan.

Ken u hom of weet u wie is hy? — Net van sien. As ek hom weer sal sien , sal ek hom herken. Ek weet net nie wat sy naam is nie.

Weet jy waar werk hy? — Nee, ek weet nie waar werk hy nie.

HOF : Weet u waar hy woon? — Ek het in daardie vergadering daarvan gehoor dat die persoon in Zone 7 woon.

Ja? — Toe die persoon opgestaan het, het hy gekom tot by die verhoog waar ons was. Die persoon wou 'n toespraak gemaak het. Net voor hy begin het met sy toespraak, het 'n vroumens heel agter in die gehoor opgestaan. Die vroumens het gesê "Daardie persoon (met verwysing na die persoon wat daar gestaan het) moenie toegelaat word om te praat nie, want hy het deelgeneem aan die verkiesing (dit kan wees in die sin dat hy 'n kandidaat was of deelgeneem het aan die bevordering van die verkiesing)van die raadslede. As gevolg van wat sy gesê het, was die gehoor opgesweep gewees. Met dit het hulle gesê hy moet afkom van die verhoog af, want hierdie ver-gadering is nie die raadslede nie. Die volgende woorde was

ook gebesig van die gehoor dat die persoon doodgemaak moet word of dat hy doodgemaak word. Hy is ook gevloek.

MNR. JACOBS : Hoe is hy gevloek? -- Julle sal my verskoon. Ek is 'n predikant. Ek kan nie daardie vloekwoorde besig nie, al is dit in die hof, maar aangesien dit in die hof is, sal ek dit maar moet noem.

Nyamai, Mosonoganyogo, Ohindya. Nyamai - jou ma se poes; Mosonoganyogo - jou ma se doos; Ohindya - jy is 'n hond.

Jy sê die gehoor was baie opgewonde. Kan jy vir ons beskryf wat het die gehoor gedoen, afgesien van hierdie skreeuery en hierdie dreigemente? -- Ja, toe sy dit gesê het, was die gehoor se gevoelens opgesweep gewees, toe hulle verneem het dat die persoon 'n raadslid was.

Het hulle bly sit of wat het hulle gedoen? -- Hulle het opgestaan en hierdie tekens gemaak soos ek nou aandui. Terwyl hulle hom vloek het hulle hierdie tekens gegee met die hande.

HOF : Asof iemand 'n klip sou gooi met 'n oop hand. -- Daarna is die persoon af van die verhoog af. Wat van hom later geword het, of hy afgeklim het van die verhoog en uitgegaan het en of hy weer gaan sit het, kan ek nie sê wat van hom geword het nie.

MNR. JACOBS : Is dit omdat die mense nog al die tyd gestaan het? -- Ja, as gevolg van die skok ook aan sy kant.

Na beskuldigde nr. 17 gepraat het, het daar nog mense gepraat? -- Ja, later het daar ander mense ook gepraat.

Wie het nog gepraat? Kan jy onthou? -- As ek nog reg onthou het Gabi gepraat.

Wie is Gabi? -- Toe hy aan my voorgestel was na die vergadering, was hy voorgestel as 'n voorsitter van die Rate-Payers.

Van watter Rate-Payers? -- Evaton.

HOF : Is dit Gabi of Kabi? -- Ek is nie seker nie. As dit Gabi is, is dit 'n G en as dit Kabi is, is dit 'n K.

MNR. JACOBS : Wat het hy gesê? -- Toe hy opgestaan het, was hy ook baie dankbaar dat hy sien hierdie vergadering wat daar vergader het, sê ons behoort daar bymekaar te kom om 'n eenheid te vorm en daarin te slaag om weerstand te bied oor die huurgelde, want hierdie huurgeld is 'n baie swaar gewig om te dra vir baie Swartmense. (Die woord gebruik deur die getuie is bolaya. Dit beteken letterlik dood te maak, maar in hierdie geval is dit gebruik in die konteks dat mense nie kan bekostig om hierdie hoë huurgelde te betaal nie.)

Gaan voort? -- Hy het toe verder gesê die raadslede (die woord gebruik is dubbelsinnig) gebruik die geld vir hulle eie doeleindes, gebruik die mense se geld vir hulle eie wins, gebruik van die mense se geld vir bevordering van hulle eie projekte, want hulle het vir hulle self winkels gebou of laat bou te Evaton deur die gemeenskap se geld te gebruik.

Kan u vir ons opklaar wat is dubbelsinnig? -- Daarby bedoel ek die verhoging van gelde, die huurgelde wat kort-kort plaasvind.

HOF : Met ander woorde, is wat oorgedra is dat die verhoogde huur gebruik word deur die raadslede vir hulle eie doeleindes? -- Ja, dit is die betekenis.

MNR. JACOBS : Is daar nog iets wat hy gesê het wat jy onder die Hof se aandag wil bring? -- Wat hy verder gesê het was dat hy gevra het dat as die mense ene "Dutch" se winkel aan die brand kan steek, dan sal hy tevrede wees.

Wie is "Dutch"? -- "Dutch" is een van die raadslede van Evaton.

Hoekom? -- Omdat hy ook die geld van mense gebruik en hy het winkels gebou.

HOF : Is dit wat u aflei of is dit wat hy gesê het? — Dit is wat hy gesê het.

Het hy 'n winkel gebou of winkels? — Ek ken Dutch as 'n eienaar van 'n winkel, 'n groot huis wat hy bewoon en 'n kroeg by sy woning te Evaton. Ek sê hy het 'n kroeg, want hy is die persoon wat aflewerings doen vir die mense wat drank bestel het, dit wil sê vir die smokkelkroeë doen hy aflewerings van drank.

Wat is sy van? — Ek weet nie wat sy van is nie. Hy is net aan my bekend as Dutch.

MNR. JACOBS : Die vraag van die Hof was of Gabi gesê het winkels of 'n winkel? — Winkels.

Het hy enige verwysing gemaak na ander raadslede of raadslede in die algemeen? — Ja, in daardie sin het hy gepraat van die Dutch. Nou onthou ek, Dutch se van is Liphoko.

Wat het hy van ander raadslede gesê? — Hy het nie melding gemaak van die ander raadslede se name nie.

Net van Liphoko? — Ja.

Toe hy klaar is, wat was die reaksie van die mense? — Voor hy klaar gepraat het, het hy verder gesê dat hy die voorsitter is van die Rate-Payers en hy is betrokke by die hulp wat verleen word aan bejaarde mense wat nie genoegsame voedsel het nie.

En nog? — Daarna het hy die teken van Amandla gemaak, soos ek aandui.

Ja en toe? — Toe het hy gaan sit.

Wie het nog gepraat? — As ek nog reg onthou is daar 'n vroumens wat ook opgestaan het. Sy het haarself voorgestel as 'n lid van 'n vroue-organisasie.

Kan jy onthou watter organisasie? — Women Organisers.

Van waar? — Sy het nie gesê van waar nie.

/ Gaan

Gaan voort, wat sê sy toe? — Sy het gesê dat die mense bymekaar moet kom en 'n eenheid vorm dat die huurgelde nie betaal moet word nie, na die vergadering. Sy het toe 'n versoek gerig aan die vroumense dat hulle moet kom aansluit by hierdie organisasie wat sy alreeds genoem het in die vergadering. Terwyl sy nog besig was om te praat, het Esau Raditsela daar ingekom.

Was hy vergesel van iemand? — Ja, in die geselskap van 'n vroumens, bekend as Edith.

Het hulle enigiets by hulle gehad wat hulle ingebring het in die saal in? — Ja, 'n rooi vlag of 'n rooi lap waarop geskryf was.

Was dit heeltemal 'n rooi lap en dan is daar op hom geskryf met iets of was dit 'n anderskleurige lap waarop daar met rooi geskryf was? Laat ons dit net duidelik kry. — As ek reg onthou was dit 'n rooi lap waarop met wit geskryf was.

Wat het van hierdie vlag geword? — Hulle het met die rooi lap daar ingekom verby die verhoog waar ons gesit het, heel agter ons. Twee persone het daardie vlag hoog gehou.

Moes twee persone dit vashou? — Ja, hulle het dit so hoog gehou soos ek aandui.

HOF : Met hande bo die skouers gelig. Was daar stokke aan vas? — Ja.

MNR. JACOBS : En saam met Esaue en die persone wat die vlag gedra het, was daar ook nog ander mense wat saam met hulle ingekom het? — Ek kan nie met sekerheid sê dat die mense saam met Esau ingekom het nie, want selfs daar buite was daar mense gewees.

Het daar direk na hom mense ingekom? — Ja.

Wat doen hulle toe hulle inkom? — Hulle het niks gedoen nie, want toe hulle ingekom het, is Esau toe na die

/ tafel

tafel toe.

Maar toe hulle inkom by die deur, het hulle toe nie iets gedoen nie? -- Hulle het niks gedoen nie, want as daar nie iemand was wat besig was met 'n toespraak nie, dan sou hulle miskien iets gedoen het wat hulle van voorneme was om te doen.

Daardie toespraak was nog aan die gang toe hulle ingekom het? -- Ja, die vroumense wat ek van gepraat het.

Wat gebeur toe? Het sy voortgegaan met haar toespraak? -- Daarna het Esau Raditsela gevra om 'n kans gegee te word om te praat.

Goed, gaan voort? -- Hy is 'n man wat vroeër weg was na verskillende vergaderings, soos Sharpeville, Bophelong en Sirela, Vanderbijlpark. Hy het gesê die resolusies wat daar geneem was, is net dieselfde soos die resolusies hier dat niemand werk toe sal gaan op die 3de nie en die huurgelde moenie betaal word nie. Die raadslede moet die werk los, dit wil sê bedank en die busse sal nie werk op die 3de nie. Die winkels sal toe wees vir 24 uur en die huurmotors sowel as ander voertuie sal nie ry nie. Na hy dit gesê het, het hy gesê as gevolg van die tyd wat nou verloop het, behoort daar nou 'n verkiesing gehou te word van 'n komitee vir Gebied 3.

Net voor u by dit kom, was daar enigiets in hierdie resolusies wat hy kom voorstel het deur te sê wat die mense sal doen op 3 September 1984, behalwe om weg te bly van die werk af en behalwe dat die winkels gesluit is? -- Hy het gesê daar gaan gemarsjeer word.

Het hy gerapporteer aan hierdie vergadering omtrent die mense van die plekke waar hy was, die vergaderings, Sharpeville, Boipatong en die ander snaakse naam, Sirela? -- Ja, hy het gesê dit was die besluite wat daar geneem was dat daar op hierdie dag gemarsjeer gaan word, huurgelde moenie betaal word

nie en die raadslede moet bedank.

Al wat ek nou vir jou vra, het hy gesê of verduidelik van waar af s ou daardie mense marsjeer? — Die mense van wie hy melding gemaak het, was van Sirela. Hy het gesê die mense sal weggaan van Sirela af dieselfde tyd as wat ons weggaan van Sebokeng af. Ons sal mekaar ontmoet by die kruising.

Het hy gepraat van die mense van Boipatong en die mense van Sharpeville? — Hy het geen melding gemaak van hulle nie, of hulle ook van hulle wonings af sal kom na die kruising toe.

Net voor ons na die verkiesing toe gaan. Het enige van die ander beskuldigdes wat jy genoem het wat in julle komitee was op die 26ste vergaderings gehou? Jy het gepraat van 'n "private committee" wat die vergadering beplan het op die 24ste. Het enige van hulle ook toesprake gehou van die ander wat jy nie genoem het nie? — Ja, ek onthou, Vilakazi was 'n spreker.

Kan jy net vir die Hof sê wat het Vilakazi, beskuldigde nr. 10 gesê toe hy die vergadering toegespreek het? — In sy toespraak was hy ook maar bly oor hierdie vergadering wat daar gehou is, dat dit daar gehou was in verband met die huurgelde. Hy het toe verder gesê "Kyk, mense, as ons nou hier vergader het, en daar is goeie vordering in hierdie vergadering van ons, dat die mense daar vergader het as 'n eenheid en die polisie kom daar aan en gebruik traangas ..."(Hof kom tussenbei)

HCF : Ek kan dit nie mooi volg nie. Het hy gesê die polisie sal kom of het hy gesê hy verwag dit of het hy gesê die polisie kom daar in? Wat presies het hy gesê? — Ek weet nie hoe om dit te verduidelik nie. 'n Persoon wat wag vir iets wat sal kom, is 'n persoon wat bewus is daarvan dat so iets verwag kan word.

Sê u dat hy gesê het hy verwag die polisie sal kom met traangas? — Nee, nie dat hy verwag het nie. Wat hy gesê het was "Terwyl ons nou hier vergader as 'n eenheid, 'n mens kan skielik sien dat die polisie hier inkom en traangas gebruik."

MNR. JACOBS : En dan, wat doen die mense dan as eenheid? — As gevolg van die traangas sal jy sien dat mense uitvlug by die vensters van die saal en dieselfde polisie sal die volgende opmerkings maak terwyl die mense so uitvlug "Kyk, julle nou daar die mense wat sê hulle het daar vergader op 'n eerlike wyse, wat maak hulle."

Gaan voort? — Na sy toespraak daar het hy 'n lied begin wat ek nie meer kan onthou nie.

Waaroor het die lied gegaan? Kan jy onthou? — Ek kan nie die bewoording van die lied onthou nie. Al wat ek kan onthou is dat ek hierdie teken gegee het terwyl hy met hierdie lied besig was.

HOF : Herhaaldelik die regtervuis in die lug opgesteek. — En met die regtervoet op die grond gestamp.

MNR. JACOBS : Wat was die reaksie van die gehoor? — Ons het almal dit gedoen.

Kan jy enige van die woorde onthou wat saam gesing was met die lied? Waaruit het die lied bestaan? Ek sê nie jy moet die hele een onthou nie, maar kan jy iets daarvan onthou? — Ek het vroeër gesê die lied is bekend as Siyophinda Siyinyode

Dit is nou dan beskuldigde nr. 10. Van die ander mense van julle wat die vergadering beplan het, is daar nog van hulle wat die vergadering toegespreek het? — Dibathe.

Wat het hy gesê? — Hy het heel agter gesit. Sy naam is daar hardop geroep en hy het toe na vore gekom en vlak voor hierdie tafel kom staan. Wat hy gesê het is dat hy nie daarvan bewus was dat hy ook in hierdie program was nie.

Hy het toe verder gesê hy is ook dankbaar om te sien dat die mense so vergader aangaande die huurgeld. Daarna het hy sy Amandla vuis gemaak en toe afgeklim.

Op hierdie vergadering, het enige van die mense wat die verslag gehoor het en wat teenwoordig was toe julle die petisie of die papier geteken het as 'n petisie, aan die gehoor oorgedra dat die raadslede gevra het daar moet 'n petisie uitgemaak word en dan aan hulle oorhandig word en dan kan hulle iets doen aan die huur as daar 'n petisie kom van die mense? Het enigiemand dit aan die gehoor oorgedra? -- Nee, dit was nie gedoen nie. Ek sal vir u sê hoekom nie, want die persoon was vir ons verdag gewees as 'n beriggewer van die raadslede, naamlik dat hy nuus hier kom kry wat hy dan later gaan oordra aan die raadslede. Dit was die rede hoekom dit nie geopenbaar was nie.

HOF : Dit is nou die persoon wat die petisie vir u gebring het? -- Ja.

MNR. JACOBS : U sê daar was toe voorgestel dat daar moet nou 'n gebiedskomitee gekies word? -- Gebied 3 se komitee moes daar gekies gewees het.

Is daar toe 'n komitee verkies? -- Ja.

Wie is verkies op die komitee? -- Nkopane was gekies as 'n voorsitter van daardie gebied.

Beskuldigde nr. 8? -- Ja.

Jy self was gekies as vise-voorsitter? -- Ja.

En 'n persoon met die naam van Dibathe was gekies as die algemene sekretaris? -- Ja, dit is so.

En mnr. Olifant was gekies as 'n komiteelid? -- Ja.

Beskuldigde nr. 15, Hlanyane, was gekies as die tesourier? -- Ja.

Ene Marupeng was gekies as 'n komiteelid? -- Ja.

En beskuldigde nr. 10, Vilakazi, was gekies as die visesekretaris? — Ja.

Nadat die verkiesing afgehandel is, wat gebeur toe? — Daarna was Nkopane aan die woord gestel dat hy vir ons kan sê wat sy gevoelens is oor hierdie verkiesing van hom as voorsitter. Hy was dankbaar vir hierdie verkiesing dat hy as voorsitter verkies was, omdat hy gekies was deur die inwoners van Gebied 3, dat hierdie mense van Gebied 3, die inwoners, moet bymekaar kom en 'n eenheid vorm, sodat as hulle enige probleme of enigiets het wat opgelos moet word, kan hulle hom nader of hulle kan vir my nader.

Hierdie Gebied 3 se areakomitee, was dit as 'n deel van die VCA? — Soos ek dit verstaan het, dit was 'n komitee van die Vaal Civic Association.

En na Nkopane gepraat het, dit is beskuldigde nr. 8, wat toe? — Ek het toe ook daar gepraat. Ek het ook dankie gesê dat ek gekies was deur die gemeenskap of die inwoners van Gebied 3. Ek het toe verder aan hulle verduidelik dat as hulle probleme het, moet hulle nie na die raadslede toe gaan nie, hulle moet na ons toe kom, ons sal hulle probleme oplos. Ek het toe verder uitgebrei deur te sê ek is jammer dat ek nie 'n kerkgebou het onder my beheer waar ons vergaderings kan hou nie. Ek het toe gesê as ek 'n kerk gehad het, sou ons mense van Gebied 3 nie gesukkel het om na die Roomse Kerk toe te gaan nie, ons sou ons eie vergadering gehou het in Gebied 3. Na dit was ek klaar, maar daar was nie 'n teken van die vuis gemaak nie. Daar was net hande geklap. Net voor ons weg is daar, het Esau Raditsela 'n versoek gerig aan die gehoor dat hulle op die 3de daar moet wees.

Die 3de van watter maand? -- 3 September.

1984? -- By die Roomse Kerk.

/ Dit

Dit is dieselfde kerk waar julle nou was? -- Ja.

K120 HOF : Small Farms? -- Ja, dit is so. Na die vergadering het ek 'n gesprek gevoer met ene Dibathe. Ek vra hom toe "Aangesien ons nou gekies is, wat is eintlik die werk wat ons moet gaan doen as 'n vise-voorsitter en jy is die algemene sekretaris? Onder wat?" Ons is toe in my kar in, naamlik ek, Dibathe, Vilakazi, my eggenote en Olifant.

MNR. JACOBS : Toe jy so gevra het, het jy vir beskuldigde nr. 10 miskien gevra? -- Nee, ek het hom nie gevra nie, want ek sal vir u sê dit was maar praatjies van ons wat ons gefluister het om die hoeke tussen my en Dibathe.

Het jy op daardie stadium kennis gedra van wat die werklike aktiwiteite van VCA is en waarmee hy hom besig hou? -- Nee, dit is voor ek dit vasgestel het. Omrede ek verneem het dat dit te doen het met die hulp van die gemeenskap as geheel.

Is dit daarom dat jy toe bereid was om te dien? -- Ja, aangesien ek gekies was deur die gemeenskap en nie op my eie daarheen gegaan het nie.

Maandag, 3 September 1984, was jy by jou huis gewees die oggend vroeg? -- Ja, ek was.

Het iemand daar by jou opgedaag? -- Ja, Ephraim Dibathe.

Hoe laat het hy daar aangekom? -- As ek reg onthou was dit omtrent 08h00 na 08h30 toe.

Wat het julle toe gedoen? -- Toe ons daar weg is, is ons na Nkopane se woning toe.

Dit is beskuldigde nr. 8 se woning? -- Ja.

Het julle hom by sy huis gekry? -- Ja.

Het julle drie toe daarvanaf van sy huis af vertrek? -- Ja, na Small Farms.

Na die Roomse Kerk in Small Farms? -- Ja, dit is so.

Het julle drie saam gery? -- Ja.

... / En

En toe? -- Met ons aankoms daar by die Roomse Kerk het ons Esau Raditsela, Matlole ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Dit is beskuldigde nr. 17? -- Ja.

Esau, beskuldigde nr. 17, gaan aan? -- Ontmoet. Met ons aankoms daar het Esau gesê dat daar nog gewag word vir die mense om op te daag tesame met die skoolkinders.

Hoekom moes die skoolkinders soontoe kom? -- Want hulle is COSAS.

Jy het gesê julle wag en toe? -- Later het die kinders opgedaag.

Is dit nou die COSAS lede? -- Ek sal so sê, want hy het gesê hy wag vir die COSAS.

Toe hulle nou daar opgedaag het, het hulle enige spesifieke kenmerkende klere aangehad? -- Ja, hulle het skooluniforms aangehad.

Wat gebeur toe toe hierdie mense daar opdaag? -- Dit is toe dat Raditsela vir ons gesê het hy gaan binnekort terug wees, hy gaan saam met hom vier van die kinders neem.

As jy sê kinders, hoe groot was hierdie mense gewees, watter ouderdomsgroep? -- Dit is moeilik om vir die Hof te sê wat hulle ouderdomme was. Al wat ek kan sê hulle is nie my portuur nie. Ek kan nie sê volgens skatting dat hulle 15 was nie. Dalk kan die kind kort wees, maar hy is 21.

Was dit jong mense gewees, nie kinders nie? Laat ons net daardie onderskeid kry? -- Ja, ek praat van jong mense.

Waarheen sou Esau toe gaan saam met van die jong mense?

MR BIZOS : The witness said children who were in school uniforms.

COURT : Of 21.

MR BIZOS : No, he did not say 21. Hy said he cannot place their age, but his first choice was, with respect, children

/ in

in school uniforms.

MNR. JACOBS : Die getuie het ook gesê dit is jong mense. Ek sal die getuie lei.

MR BIZOS : As a result of a leading question.

COURT : I will clear it up. Weet u tot op watter ouderdom bly kinders op skool? -- Dit hang af. Daar is 'n kind wat klaarmaak met skool op die ouderdom van 16. 'n Ander kind sal klaar maak op die ouderdom van 24, want miskien hou daardie kind nie van die skool nie of die kind is so onnosel dat die kind lank vat op skool.

Kry 'n mens dan op hoërskool kinders wat selfs so oud is as 24? -- Ek kan dit nie met sekerheid sê nie, want ek het 'n kind van 8 jaar in my huis.

Die kinders wat u van praat, die jong mense met die skool-uniforms, as u nou van hulle praat, in watter klas val hulle? Tussen watter ouderdom en watter ouderdom moontlik geskag? -- Tussen 19 en 21 jaar oud.

En die vier kinders wat saam met Esau Radisela moes gaan, wat sou u sê was hulle ouderdom omtrent? -- Weens die feit dat almal van hulle kort was, is ek nie in staat om vir die Hof te kan sê of hulle 17 jaar oud was of 18 jaar oud was en of elkeen van hulle 'n verskillende jaartal gehad het nie.

Ek wil dit net duidelik kry om 'n idee te kry of dit ouer kinders was of jonger kinders? -- Ek sal sê dit is klein kinders.

MNR. JACOBS : Esau is toe weg daar saam met die kinders. Waarheen is hy? -- Voor hulle weg is, het hy gesê dat hulle op soek is na kartondose, waarop hulle gaan skryf.

Is hulle toe weg? -- Ja, hulle is.

Het jy en die mense saam met jou en beskuldigde nr. 17 daar agtergebly? -- Wie is beskuldigde nr. 17 nou weer? Matlole?

... / Dit

Dit is reg? -- Ja, Matlole, Hlanyane en Dibathe het daar agtergebly.

Hlanyane, dit is beskuldigde nr. 15? -- Ja.

En mnr. Olifant? -- Hy het ook daar agtergebly.

En beskuldigde nr. 8, Nkopane, was hy ook daar by? -- Ja.

Het Esau toe later teruggekom saam met die mense wat saam met hom weg is? -- Ja, hulle het teruggekom met stukkies karton.

Hoe bedoel jy nou stukkies karton? Kan jy vir ons beskryf? Hoe groot stukke? -- As ek van 'n stukkie karton praat, praat ek van 'n stukkie wat afgesny is of wat afgeskeur is van 'n kartondoos wat heel was.

Hoe groot is die stukkies? -- (Getuie dui aan)

HOF : $\frac{3}{4}$ Meter by hoe hoog? -- (Getuie dui aan)

$\frac{1}{3}$ Meter.

MNR. JACOBS : Wat doen hulle toe daar? -- Toe hulle daar terugkom het Raditsela "marking pens" te voorskyn gebring.

Wat maak hulle toe? -- Hy sê toe vir die kinders om te skryf. Hy het aan hulle voorgeskryf wat om te skryf, wat hulle toe geskryf het.

HOF : Hy het hulle voorgesê? -- Ja, hy het vir hulle gesê wat om te skryf. Ek het net nie gehoor wat hy vir hulle gesê het wat om te skryf presies nie.

MNR. JACOBS : Het die kinders toe geskryf? -- Ja, hulle het.

Hoeveel van die goed het hulle gemaak? Wat het hulle gemaak? -- Wat bedoel u, wat het hulle gemaak?

Hierdie ding, as hulle nou op die karton geskryf het, het hulle plakkate gemaak of wat het hulle gedoen? -- Ja, dit was 'n plakkaat.

Hoeveel was gemaak daar wat jy gesien het? -- Ek het vier gesien.

... / Gaan voort

Gaan voort? -- Van die vier wat geskryf is, weens die feit dat ek blind is, in die sin dat ek nie kan lees nie, het ek Dibathe gevra om vir my te lees wat daar geskryf is, wat hy toe aan my verduidelik het wat daar geskryf is.

Was enige van die ander beskuldigdes teenwoordig? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie.

Dan dink ek sal ons dit nie lei nie. Nadat die plakkate gemaak is, wat het toe gebeur? Hulle is nou daar besig om plakkate te maak, wat is nou die volgende ding wat gebeur? -- Toe dit klaar geskryf was, was daar 'n groot aantal mense al gewees.

Hoeveel mense sal u sê was daar? -- Hulle was baie. Ek kan nie sê of dit seshonderd, sewehonderd of 'n duisend mense was nie. Ek kan nie sê nie.

Was die mense al in die saal in? -- Voor hulle die saal binnegegaan het, het Raditsela daardie versoek gerig dat hulle in die saal moet ingaan, omdat hy gesê het die tyd van marsjering is amper om.

Het die mense ingegaan? -- Die mense het toe die saal binnegegaan. Dit was vol gewees. Selfs by die deur, dit wil sê die ingang, was dit vol. Rondom die saal tot by die vensters was dit vol gewees.

Wat het Esau-hulle gedoen nadat hulle die plakkate klaar gemaak het? -- Hulle is met die plakkate in die saal in.

Het jy ook ingegaan? -- Ek is nie in nie. Ek het by die deur gestaan as gevolg van die feit dat die mense so baie was.

Het jy by die deur gestaan of kon jy net 'n entjie van die deur af kom, of wat was die posisie gewees daar by die deur? -- (Getuie demonstreer waar hy gestaan het)

HOF : Drie meter. Binnekant of buitekant? -- Buitekant. Tussen my en die ingang was daar baie mense gewees.

/ MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : So, jy kon nie nader kom aan die deur nie? -- Ja, omdat ek verhoed het om mense trap en om mense te pla.

En agter jou, was daar ook nog mense wat verder weg was? -- Ja, daar was mense wat heen en weer beweeg het op die perseel.

Wat het die mense gedoen in die saak en daar buitekant? -- Waar? Buitekant?

Ja, binne en buite die saal? Het hulle net gesels? -- Ek sal kan praat van die mense wat binnekant was, nie wat buitekant was nie.

Ja? -- Want my aandag was gevestig op die mense aan die binnekant van die saal om te hoor wat hulle gaan sê daar.

Wat was die mense, die gehoor, besig om te doen? Het hulle net gesels voordat mense begin praat het in die saal self? -- Hulle het gesing.

Wat het hulle gesing? -- Siyaya Epitoli, Siyophinda Siyinyode. Dit het 'n lang tyd geduur, want die jeug was opgesweep gewees.

Hoekom sê u so? -- Omdat hulle haastig was om te gaan marsjeer.

Is daar nog liedere gesing wat jy kan onthou? -- Ek kan nie meer met sekerheid onthou nie, maar ek dink hierdie Siyophinda Siyinyode was weer herhaal.

Het die singery toe tot 'n einde gekom? -- Ja.

En kon jy goed hoor wat binne-in die saal aangaan of nie? -- Ek kon hoor, maar nie alles nie as gevolg van die geraas.

Wat hoor jy en wie praat toe? -- Esau het gepraat.

Wat praat hy? -- Hy het gesê as ons hierdie saal nou verlaat, moet ons gaan marsjeer. Die mense moet daar in 'n tou of staan in volgorde. Die mense met die plakkate moet voor wees.(

HOF : As jy praat van lyn, dit beteken nie een-een agtermekaa

nie? — As ek praat van 'n lyn, praat ek van mense wat agtermekaar staan.

MNR. JACOBS : Sou hulle net een-een agtermekaar staan of hoe sou hulle staan? Wat hy verduidelik het, kon jy alles hoor? — As ek praat van 'n lyn, dit is wat ek wil verduidelik het, die mense sou die breedte van die straat vol gestaan het en dan nog ander mense agter hulle oor die breedte van die straat.

Dan sou die lyn aangaan verder terug in die straat af? — Ja, dit is so.

En nog? — Dit was toe verder verduidelik hoe ons gaan marsjeer en toe was dit genoem dat hiervanaf gaan ons na die huise van die raadslede en daar aandoen om hulle hierdie plakkate te wys dat hulle uit die werk moet bedank of hulle moet saam met ons gaan Houtkop toe. As hulle dit nie doen nie, behoort hulle dan gedood te word en hulle winkels moet aan die brand gesteek word.

Wat was die reaksie van die mense in die gehoor? Hoe het hulle opgetree? — Hulle het Amandla gemaak.

Het hulle baie geskreeu? Ek sien jy maak jou hand aanhoudend so? — Ja, hulle het baiemaal gesê Amandla.

HOF : Met die vuis herhaaldelik in die lug.

MNR. JACOBS : Het die mense toe uit die saal uitgekom? — Ja, hulle het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 14h00. HOF HERVAT OM 14h00.

K121 PETER MAHLATSI, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mahlatsi, ons het gekom waar u sê die mense het toe uit die saal begin kom. Is die mense toe opgestel wat uit die saal uitgekom het? — Ja, dit is so.

... / Waar

Waar is hulle opgestel? — Van binne die saal na buite toe.

Na buite die saal is hulle daar opgestel? — Wat ek daarby bedoel is, die opstelling van die optog het op die perseel begin met die oog daarop om die perseel te verlaat.

Wie het die mense daar opgestel en gereël hoe hulle moet staan? — As ek reg onthou was dit Esau Raditsela, Sam Matlole ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Beskuldigde nr. 17? — Ja.

En nog? — En nog 'n jong mannetjie, maar hierdie een leef nie meer nie.

Hoe is hulle opgestel? Wie het die voorpunt gevorm? — As ons van die voorpunt praat, sal ek sê ek was ook van die mense wat by die voorpunt was in die sin dat ek onmiddellik agter die mense was wat die plakkate gehad het.

So, was die mense wat plakkate gedra het voor aan die punt geplaas? — Ja.

Kan jy onthou hoeveel plakkate daar was? — Ek skat ongeveer vyf of ses.

En jy sê jy was die ry net agter of net agter die mense wat die plakkate gedra het? — Ja.

Hoe breed was hierdie mense opgestel? Hoeveel het julle langs mekaar geloop? — Dit was 'n lang ry gewees. Ek weet nie wat om te sê hoeveel meter nie.

Laat ek dit net duidelik verstaan. Julle het nie so een-een agtermekaar gestaan nie, nie waar nie? — Nee.

Is ek reg as ek sê julle het so langs mekaar gestaan en dan is hulle almal so agtermekaar opgestel? — Ja.

Hoeveel was julle nou min of meer wat langs mekaar gestaan het, die breedte daarvan, nie die lengte nie? — Ek het nie daarna opgelet om te sien hoeveel mense in my ry was nie, want

... / ek

ek was ook maar net van plan om te marsjeer.

Wie het heel voor aan die optog stelling ingeneem? -- Heel voor was Sam Matlole, Esau Raditsela en die oorledene.

Matlole, beskuldigde nr. 17. Die persoon wat dood is, die jong mannetjie, is dit hy wat jy van praat? -- Ja.

Het julle uitbeweeg uit die kerkperseel uit, by die hek uit in die straat in? -- Ja.

Toe beweeg julle nou waarheen? -- Toe ons daar vertrek het, was dit met die oog daarop om na die huise na die raadslede te gaan.

Is daar genoem watter raadslid julle eerste na toe sal gaan? -- Nee, daar was nie melding daarvan gemaak nie.

Het Esau julle net gelei en het julle gevolg? -- Ja.

Was daar mense wat die mense beheer het en sê - wat aan die kante waak gehou het dat alles reg gaan? -- Ek het nie opgelet dat daar sulke mense was nie, behalwe natuurlik dat ek gesien het dat daar ander mense was wat langs die optog gehardloop het.

Wat het hulle gedoen? -- Hulle het gehardloop as gevolg van hierdie lied wat gesing was Siyaya Epitoli.

Wie het dit gesing? -- Almal van ons het dit gesing.

Almal in die optog? -- Ja.

En soos julle so geloop het, het jy op enige stadium opgemerk hoe lank is die groep mense nog agter jou? Hoe ver agter kom die agterpunt? -- Nee, ek het nie gekyk nie.

Julle het nou geloop. Kan jy vir die Hof sê, is daar ander mense gesien in die persele van die huise soos julle geloop het en aan die kante? -- Ja, daar was.

Wat het met julle gebeur? Het hulle maar daar gebly? -- Nee, hulle het nie daar agtergebly soos hulle gestaan het nie, want van die mense wat in die optog was, het daardie

persone uit die persele gaan uithaal om te kom aansluit by hierdie optog.

Hoe is hulle uitgehaal? -- Hulle het hulle getrek om in die optog deel te neem, want die rede waarvoor ons baklei is ook op hulle van toepassing. Hulle moet ook daarvoor baklei.

En soos julle beweeg het, het jy enige versperrings in die paaie gesien? -- Ja, wat ek van kan praat is klippe wat in die pad gegooi was.

Wie het dit gedoen? -- Die mense wat in die optog deelgeneem het, het dit gedoen.

As jy sê klippe is in die pad gegooi, is dit net 'n klip wat 'n mens gooi of wat bedoel jy met klippe is in die pad gegooi? -- Nee, dit was groot klippe. (Getuie dui grootte aan)

HOF : Ongeveer 60cm.

MNR. JACOBS : Hoekom is die klippe in die pad gegooi? -- Na my mening was die bedoeling daarvan dat die voertuie nie kon beweeg nie en terselfdertyd is dit 'n plek waar die polisie ook sou gery het, Dus was dit 'n versperring vir hulle om ook nie gebruik te maak van daardie betrokke pad nie.

Die klippe wat so gegooi is, het hulle die pad versper dat 'n voertuig gekeer sal word? -- Ja, dit is so.

Hoe is hulle geplaas in die pad? Oor die pad, langs mekaar? -- Dit was orals geplaas op die ryvlak.

HOF: Het die plasing van die klippe plaasgevind terwyl die optog stap of was dit voor die optog of toe hy al verby was? -- Terwyl die optog nog besig was het hulle die klippe geplaas.

Deur lede van die optog? -- Ja.

MNR. JACOBS : Moes julle self oor die klippe klim? -- Ja.

Terwyl julle so geloop het, het julle by 'n busterminus verbygegaan of buskaartjieskantoor op julle roete? -- Ons het daar verbygegaan.

... / Het

Het jy opgemerk of iets daar gebeur? -- Nee, ek het nie gesien nie.

Julle het nou beweeg, kan ek dit vir jou so stel, weet jy waar raadslid Caeser se huis is? Caeser Motjeane? -- Ek weet nie waar sy huis geleë is nie.

Julle het nou beweeg en die roete wat julle gevolg het, wat gebeur toe? -- Ons is by die BP Garage verby, in die nabyheid van 'n laan. Daar het 'n klomp mense te voorskyn gekom.

As jy sê 'n klomp mense, hoeveel ongeveer? -- Ek skat dit ongeveer veertien na sestien as ek van 'n klomp praat.

Waar uit het hulle te voorskyn gekom? -- Uit die laan uit van Zone 11.

En toe? -- Toe die mense daar te voorskyn gekom het, het hulle gepraat van die honde van raadslede is besig om te skiet hier. Na dit, toe ons nou daar naby was, kon ons die vuurwapens hoor. Dit is die skote. Wat dan vir my 'n bewys was dat die bakleiery al lankal daar begin het. Na dit gehoor was, het Esau Raditsela gesê "Laat ons julle gaan."

Vir wie het hy so gesê? -- Dit het hy aan die klomp mense gesê wat saam met ons was in die optog.

Het hy dit geskreeu of sag gesê of hoe het hy dit gesê? -- Hy het hardop gesê "Kom ons julle gaan."

<u>HOF</u> : Het hy net gepraat of het hy geskreeu? -- Ek sal sê hy het hard gepraat.

<u>MNR. JACOBS</u> : En toe? -- Hierop het ek besluit ek moet liewers padgee en die hasepad kies.

Hoekom het jy besluit om pad te gee? -- As gevolg van die skote wat ek daar gehoor het, dit gekoppel met die feit dat ek bang is om dood te gaan. Ek is 'n bangbroek. Ek het toe besluit om te vlug.

Wat het die ander toe gedoen wat Esau gesê het hulle moet

kom? -- Die laaste wat ek gesien het, was dat hulle daardie koers gevat het. Dit is terwyl ek nou aan die vlug was. Ek was toe in 'n veld gewees toe ek opgemerk het dat daar rook begin het.

HOF : U is nou te vinnig. Toe Esau sê "Laat ons julle gaan", wat het die voorpunt van die optog toe gedoen? -- Hulle het soontoe gehardloop.

Waarnatoe? -- Na die plek toe waar die verslag gemaak is dat raadslede besig was om te skiet.

MNR. JACOBS : Waarlangs het hulle gehardloop om daar te kom? Het hulle met die pad afgehardloop of waar het hulle gehardloop? -- Hulle het die laan deurgehardloop. Dit is die laan waarvandaan hierdie persone te voorskyn gekom het.

Jy het gepraat dat aan die voorpunt was Esau en beskuldigde nr. 17 en die man wat dood is. Wat het hulle twee gedoen, beskuldigde nr. 17 en die man wat dood is?

HOF : Het Esau ook gehardloop?

MNR. JACOBS : En Esau, al drie van hulle? -- Esau het wel gehardloop. Wat betref beskuldigde nr. 17, hy is 'n man wat 'n bietjie probleme ondervind met sy voete, is ek nie in staat om vir die Hof te sê of hy ook gehardloop het en of hy stadig beweeg het nie.

HOF : In watter rigting het hy beweeg? -- Watter rigting hy in beweeg het, het ek nie gesien nie, want ek het alreeds gevlug.

MNR. JACOBS : Het jy uit die mars uitgeval? -- Ja.

En die plakkaatdraers, het jy gesien wat word van hulle? -- As gevolg van die feit dat ek ook maar deurmekaar geraak het daar, kon ek nie gesien het of hulle ook met die plakkate gehardloop het of wat van hulle geword het tesame met die plakkate nie.

... / Toe

Toe Esau gesê het "Kom" en hy het gehardloop en jy het die woord gebruik hulle is daar in die steeg in, wie is almal in die steeg in? Kan jy vir die Hof 'n aanduiding gee? — Die voorpunt van die optog.

Het hy gebreek of het die ander ook gevolg agter die voorpunt aan? — Volgens my waarnemings is daar van die mense wat in die optog was wat daar bly staan het en nie gevolg het nie.

Kan jy vir ons sê, hierdie pad waar die steeg nou ingaan, is hy op 'n soort van 'n aansluiting daar? U Edele, ek wil dan die bewysstuk inhandig. Dit is een waarvan alreeds gebruik gemaak is. Dit is BEWYSSTUK AAR(1) en (2) met daardie klein inlassie. Die nommers is op. Dit gaan in met die toestemming van die verdediging. Ons is ad idem oor die nommers wat daar op is.

HOF : Dit is een dokument wat u ons gee met een aanhangsel?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : En dit is bewysstuk?

MNR. JACOBS : AAR(1). Dit is reeds voorheen al na verwys. Daarby kom AAR(2).

HOF : Dit word dan genotuleer dat AAR(1) bestaan uit 'n lugfoto wat geen opskrif het nie en dat dit vergesel gaan van 'n sleutel wat daarby aangeheg is waarop 39 punte aangedui word.

MNR. JACOBS : Kan ek net daarop wys, bo-aan staan Evaton/Sebokeng. Miskien kan 'n mens net op rekord plaas op hierdie BEWYSSTUK AAR(1) is daar gebiede afgeskort met nommers daar in en dan is daar ook kleiner nommertjies wat in swart geskryf en sekere kringetjies om geboue en elkeen van hierdie nommers word verduidelik in die dokument wat vasgeheg is aan AAR(1) om te verduidelik wat die nommers verteenwoordig.

Jy het gesê jy het daar in die veld ingehardloop en op 'n stadium het jy die rook gesien trek daarso. -- Ja.

... / Terwyl

Terwyl jy nou daar in die veld was, waar het die rook getrek? Is dit in die omgewing van waar jy weggehardloop het of wat is die posisie? — Dit was in die nabyheid van die punt waarvandaan ek gevlug het.

Die punt waar jy gevlug het, jy sê dit is na 'n garage. Is dit reg?

HOF : Is dit so? Hy het gesê die optog het by die BP Garage verbygegaan, as ek reg onthou. — Dit is nie wat ek gesê het nie.

Toe uiteindelik het hulle by 'n punt gekom, toe was hulle by 'n laan en toe het hy gevlug.

MNR. JACOBS : Voor die laan begin, maak die pad 'n vurk, sal ek dit maar noem. Dit is nou nie heeltemal 'n vurk nie, maar sprei hy uit? Een gaan in een rigting en die ander een gaan in 'n ander rigting? — Ja, hierdie steeg is tussen die twee wat die vorm van 'n vurk maak, dit wil sê die twee paaie, een aan die regterkant en een aan die linkerkant, in die koers van Gebied 12.

Hoe lank het jy daar in die veld gebly? — Dit was nie lank nie.

Wat gebeur toe? — Ek het toe verder aangeloop. In die loop het ek vir Jacob Hlanyane ontmoet.

Is dit beskuldigde nr. 15? — Ja.

Ja en toe? — Waar ek hom teëgekom het, het ek aan hom verduidelik dat ek gevlug het daar, want ek het besef dat die mense begin baklei, waarop hy toe in antwoord dieselfde aan my oorgedra het.

Wat het hy nog vir jou gesê? — Hy het gesê dat hy self ook gevlug het as gevolg van die bakleiery wat daar ontstaan het.

Waar ontstaan het? — Hy het niks verder verduidelik nie,

... / want

want ek en hy het toe voortgegaan huis toe.

Ek wil net een aspek opklaar. Jy het vir die Hof vertel dat op die vergadering van die 26ste het niemand gemeld dat die raadslede ŉ petisie sou kry nie, omdat julle besluit het dat daardie man wat daar is, is ŉ beriggewer van die raadslede. Het ek dit reg? — Ja, dit is so.

Wanneer het julle besluit om niks te doen daaromtrent nie? Ek wil net weet. Dit is vir my ŉ leemte wat hier hang. — Hy is eers die lys gegee met die handtekeninge, soos versoek deur hom. Na hy weg is daarmee het ons besluit hier in die vergadering dat hierdie man eintlik meer ŉ beriggewer is as enigiets anders, in die sin dat hy daar is om net te kom vasstel wie almal teenwoordig is in die vergadering wat in Vilakazi se huis gehou is. Met die gevolg is dat ons besluit het dat ons niks gaan uitvoer verder nie.

Wie het dit geopper dat hy ŉ beriggewer is? Van wie af kom dit? — Ek is die eerste een wat daarmee vorendag gekom het.

Hoekom het jy so gesê? — Die rede hoekom ek dit geopper het, is omdat hierdie man partykeer vergaderings bygewoon het en partykeer nie. Op ŉ stadium was hierdie man gesien in die geselskap van die polisie. Om daardie rede het ek toe tot die slotsom gekom van die man se bewegings dat hy eintlik ŉ beriggewer is. Nog iets verdags in sy hele optrede was, hoe kom dit so en hoe kry hy dit reg dat hy ŉ vergadering kan bywoon wat bedoel is net vir raadslede? Hy is nie ŉ raadslid nie, maar hy word toegelaat in daardie vergadering. Hoe kry hy dit reg?

MR BIZOS : My Lord, may I ask Your Lordship to ask the investigating officer to leave the court in view of what I have to put to this witness?

COURT : Yes. Could we place on record that accused no. 4 is back with us. I think that he came back just after the luncheon adjournment.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : Reverend Mahlatsi, you are married to Sepathi, your wife? -- That is so.

You are in detention? -- That is so.

And you were in detention on Christmas eve of 1985? -- No, 1984. I was fetched on the 18th.

COURT : 18th of what? -- 18 December 1984.

MR BIZOS : Yes, I know you were detained on 18 December 1984. One year and some days after that on Christmas eve of 1985 did your wife Sepathi came to visit you? -- Yes, I say yes, she did pay me a visit.

I am going to appeal to you to tell His Lordship the truth without any fear. I know that you have been in detention for a long time, but the time has now arrived when you have been brought to open court and you enjoy His Lordship's protection. On that visit on 24 December 1985 did you tell your wife Sepathi that you had been on a hunger strike? -- No, that is not what I told her that I was on a hunger strike.

But you had been on a hunger strike? -- Let me explain to you what I said to her. What I said to her is, because of being kept alone in isolation and because of my being worried about that being kept alone, I am not able to eat, though food is being brought to me to eat.

So, you did tell her that you were not eating, but you say that it was not a hunger strike? -- Not to say I was on a strike.

I am going to remind you that you said to your wife that you were on a hunger strike as a protest or you had been on a hunger strike as a protest against a senior police officer

trying to get you to make a statement that you did not want to make? -- I find it very difficult to agree with what is being put to me as an allegation from my wife, because I even requested to see a doctor or a doctor be brought to come and examine me and to give me some tablets in encouraging appetite so that I can eat.

Did you say that you had not taken food for eight days? -- Yes, I did make mention of that to her.

That you had not taken any food at all for eight days? -- I did explain that to her. In fact I made mention of that, but this was coupled with the following reasons. Here I am finding myself in jail. I am not used to being in jail. As a married man who has left a family with children outside, and I am being given food to eat, no responsible man will be able to eat not knowing whether his children had any meal or not. One would not be able to swallow whatever is being given to you.

Is it correct that you did not take any food at all for eight days? -- I admitted that I did that, but not because of being on a hunger strike.

You could not bring yourself to eat? -- That is so.

It was not just not having appetite to eat sufficient food, you actually did not eat anything at all for eight days? -- My not having ate during that period, is not because there was no food. Food was being brought to me even by herself from home, for instance some biscuits, colddrinks. I used to drink a lot of the colddrinks because that was the only thing that I could swallow as it was a liquid.

The statement that Mr Jacobs was leading you from, when did you sign that statement? -- I do not know what the date was, but what I can tell is, I signed the statement after

making it at Benoni.

Did you sign it before this period of eight days that you could not eat or after? — Before I started eating.

COURT : Before you started not eating or before you started eating? -- What I am trying to say is, that I signed a statement, I was not compelled so to speak to do that. I signed this statement before I started eating.

MR BIZOS : Let me see if we could get the proper sequence of events. You were detained in December? — Yes.

1984. How many days, weeks, months or what period after that did you sign your statement? — If my memory serves me well, it was three to four days.

Three to four days after your first detention? — Yes, that was the period.

Did you only make one statement? -- I made the first statement, after which I then at my own requested to see the same person to whom I made the statement, because of certain things that were worrying me, things I wanted to clear.

How long after the first statement was made, did you decide that you wanted to clear certain things up? -- I think it was after two days.

Was that still December 1984? -- That is so.

Where did you make your first statement? -- Benoni.

Did you make a subsequent statement? — Yes.

Where did you make that statement? — Benoni.

Did you make any further statements? — I only made a statement again here.

COURT : You mean what you have been telling me in court or a statement before you came into the witness-box? -- By a statement I made here. It was questions which were put to me on which I had to give answers from the statement I had made.

MR BIZOS : Let me just get clarity. Leaving aside what you have told the Court here verbally. How many statements in all did you make before you came into court yesterday?

MNR.JACOBS : Ek mag miskien net hier help. Dit mag miskien die konsultasie wees waarna hy verwys waar ek met hom gekonsulteer het.

MR BIZOS : I will accept that from My Learned Friend, but I am talking about written statements.

COURT : But notes were taken by Mr Jacobs obviously. I think that is what he might be referring to.

MR BIZOS : Let me just clarify that. Tell me please how many written statements have you made in all before you came into court, written statements of your own which you signed? — I am not clear. If you could just clarify this for me. Are you talking about pages or statements as a whole?

COURT : When you made your first statement in Benoni it was written down and you were asked to sign it? — That is so.

Afterwards, a couple of days later on, you made a second statement at Benoni and you were asked to sign it? — That is so.

Now you told me that you also, before you came into court into the witness-box made a third statement. I have not yet asked you whether you were asked to sign that? — When I talk about a statement which I made here I am referring to the questions which were put to me by Mr Jacobs and on which questions I answered.

And he wrote that down? — Yes.

MR BIZOS : Are you referring to Mr Jacobs asking you questions here or outside court? — Outside court.

COURT : In Mr Jacobs's office? — Yes, in his office.

MR BIZOS : Please tell me, what were the subject matters

... / that

that were worrying you that you wanted to make a second statement? -- Why I wanted to make a second statement or clear certain things is because I felt to keep something within myself and not divulge it as a priest, this is a sin in the eyes of God.

What had you kept back from your first statement? -- Because of certain things that I could not remember.

Yes, but what were the things that you wanted to add to your second statement that you had not mentioned in your first statement? -- It is because I was confused at the time there and I was not happy in my heart. I did not have a happy feeling.

COURT : Counsel does not ask you for the reasons why you went back for a second statement. He asks you what exactly did you say on the second occasion which you had not said on the first occasion? -- That is what I have just related to the Court now.

MR BIZOS : You used the words kept back. I am going to ask His Lordship to allow me to examine this aspect, please. What do you say that you kept back from your first statement? -- Do you mean in my first statement?

What had you kept back to yourself and not included in your first statement that you considered a sin and you decided to make a second statement to expiate the sin? -- That was pertaining to the march, the setting alight of Caeser's house and what was to happen to the councillors.

So, when you made your first statement, did it not contain anything about violence being spoken of at the meeting of the 26th? -- That is so.

There was no mention of Mr Raditsela calling for violence against councillors on the morning of 3 September? --

/ That

That is so.

And there was no mention of Mr Raditsela calling on people on the march to attack Mr Motjeane's house? -- Pertain to that I am going to say in his address he said thathhe is going to councillors' houses. He did not choose Caeser Motjeane's house amongst them.

Just listen to me, please. You told us what was not in your first statement. The last thing that I am telling you was not in your statement, in your first statement, that Raditsela had said at the fork, at the intersection near the lane, that people on the march should go to Caeser Motjeane's house? Is that correct? -- What I had left out there was that in his address, that is Esau Raditsela, had said that on our way in the procession of the march, we will have to go to the different councillors' houses to show them the placards and for them to join us otherwise.

Is that what you said in your first statement?

COURT : That is what was left out. -- Yes.

MR BIZOS : Surely, the person that took your statement, the first statement was concerned to interrogate you as a detainee about the violence that had occurred on the 3rd? -- Yes, he had the right to do that.

I am not talking about his right, he did it. -- No, he did not, because at the time of the interrogation he confronted me with what other people are saying concerning me and my presence there. I denied any knowledge of that.

What were other people saying about you? -- That I was part of the people who were marching on the 3rd.

And you denied that you were on that march? -- Yes, I did, because after this day of the 3rd, people had died.

And was your first statement on oath? -- Yes, it was.

COURT : So, in your first statement you denied any personal involvement? -- In my first statement I admitted practically everything about my involvement in the whole thing. When this person came to me for the second time confronting me about information he had from other people, that is pertaining to my involvement on the 3rd, that I was there, I denied that, to the extend of telling lies, saying to him that day I was not at all round, my wife was sick.

Could I just get clarity. Did you in your first statement say you had been part of the march, you were involved and then in your second statement, that is afterwards, say you had not been involved, you had not been part of the march, your wife was sick? -- That is the point. I denied any knowledge in my first statement about being involved in this march. Then when he came to me for the second time confronting me with the information he had, it is only then that I admitted it.

COURT : When EXHIBIT AAR(1) was handed up, I placed on record that it was accompanied by a schedule running from items 1 to 39. That is in fact incorrect. The new document has a schedule stating or consisting of two pages and running from items 1 to 59.

WITNESS STANDS DOWN.

CCURT ADJOURNS UNTIL 7 MARCH 1986.

# DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


## PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



## LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


## DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-6-41**
*Document Title:-* **Vol 41 p 1917-1980. Witness: Mahlatsi**